



HUMANITAS  
RGN-HSRC

*die arbeidsituasie en werkgesindheid  
van die kleurlingman in die kaapse  
skiereiland*



*raad vir geesteswetenskaplike navorsing*

001.3072068 HSRC MM 58

## **RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING**

Privaatsak X41, Pretoria 0001, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon: 48-3944

Telegramme: RAGEN

**President:** Dr. A.L. Kotzee

**Vise-presidente:** Dr. A.J. van Rooy en dr. J.D. Venter

**Sekretaris:** Mej. K.M. Henshall

### **Institute van die RGN**

Geskiedenisnavorsing

Inligting en Spesiale Dienste

Kommunikasienavorsing

Mannekragnavorsing

Navorsingsontwikkeling

Opvoedkundige Navorsing

Psigometriese Navorsing

Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing

Statistiese Navorsing

Taal, Lettere en Kuns

Administrasie

### **Funksie van die RGN**

Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindings en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.

PB099368

**SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING**



**HSRC Library and Information Service**

**RGN-Biblioteek en Inligtingsdiens**

**D.**

**DATE DUE - VERVALDATUM**

**'DIE  
AND**

--	--

**M.A.**

**SING**

**HOEF**

**'ORIA**

**1976**



**\* P B 9 9 3 6 8 \***

Verslag Nr. **MM-58**

Kopiereg voorbehou  
Prys R3,20

# HSRC Library and Information Service

HSRC  
Private Bag X41  
PRETORIA  
0001



Tel: (012) 302 2505  
Fax: (012) 302 2933

RGN  
Privaatsak X41  
PRETORIA  
0001

Tel: (012) 302 2505  
Fax: (012) 302 2933

## RGN-Biblioteek en Inligtingsdiens

<b>RGN BIBLIOTEEK</b> 09 MAR 1999 <b>HSRC LIBRARY</b>	
<b>CALL NUMBER</b> CO13015068 HSRC MM 58	<b>ACCESSION NUMBER</b> PB099368

## VOORWOORD

Die skepping van genoeg werkgeleenthede vir die vinnig groeiende Kleurlingbevolking is 'n akuele probleem. Die groei in ekonomiese bedrywigheide in die Wes-Kaap, waar die grootste konsentrasie van Kleurlinge voorkom, kon oor die afgelope jare nie die toenemende aanbod van Kleurlingmannekrag ten volle opneem nie. Ramings wat deur die Instituut vir Mannekragnavorsing gedoen is, toon dan ook dat die aanbod van Kleurlingmans die vraag teen 1980 met 18 persent sal oorskry.

Ontwikkelings in die Saldanhabebied kan hierdie knelpunt aanmerklik verlig deur die skepping van werkgeleenthede vir relatief groot getalle Kleurlingwerkers. Die vraag het egter ontstaan of die Kleurlingbevolking daarin sal belangstel om in hierdie nuwe werkgeleenthede opgeneem te word, en of die werkgewers die Kleurling as werker bevoeg sal vind om die aard van die werk wat in die beoogde ondernemings in Saldanha gedoen sal word, te verrig.

Om antwoorde op hierdie vrae te vind, het die Instituut vir Mannekragnavorsing 'n ondersoek onderneem waarby 'n groep Kleurlingwerkers asook 'n aantal ondernemings in die fabriekswese in die Kaapse Skiereiland betrek is. Die doel van die ondersoek, waarvan die bevindings in hierdie verslag vervat is, was dus om die arbeidsituasie van 'n groep Kleurlingwerkers, hul bereidwilligheid om van werk en woonplek te verander en hul gesindheid teenoor werk te ondersoek, en om die gesindheid van werkgewers teenoor Kleurlingwerkers te bepaal.

Daar word vertrou dat die bevindings van die ondersoek vir sowel die Kleurlingwerker as vir die huidige en toekomstige werkgewers van Kleurlinge van nut sal wees.

'n Woord van dank word gerig aan

(a) die meer as 900 Kleurlingwerkers en die 28 werkgewers wat aan die ondersoek deelgeneem het;

(b) die Kleurling- en Blanke veldwerkers wat met die insameling van die gegewens behulpsaam was;

(c) die beamptes van die Kleurling-ontwikkelingskorpore vir die inligting wat deur hulle verstrek is en die hulp wat hulle tydens die ondersoek verleen het, en

(d) die Institute van die RGN wat bygedra het om hier=  
die verslag vry te stel, te wete die Instituut vir Statistiese  
Navorsing vir statistiese verwerkings, en die Instituut vir  
Inligting en Spesiale Dienste vir vertaling, redigering, proef=  
lees en reëlings vir drukwerk.

  
PRÉSIDENT

Februarie 1976

## INHOUD

	BLADSY
SUMMARY/OPSOMMING	v & vi
HOOFSTUK	
1	INLEIDING 1
1.1	Agtergrond en doelstelling 1
1.2	Metode van ondersoek 2
1.3	Opset van die verslag 6
2	ALGEMENE BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEK 7
3	DIE WERKSITUASIE VAN DIE WERKENDES 11
3.1	BEROEPSBEOEFENING EN SALARIS 11
3.2	ARBEIDSOMSET EN AFWESIGHEID 20
3.3	VERVOER NA WERK 27
3.4	HUISVESTING 29
3.5	GEVOLGTREKKINGS 30
4	WERKGESKIEDENIS VAN DIE WERKLOSES 32
5	BEREIDWILLIGHEID VAN DIE ONDERSOEKGROEP OM VAN WERK EN WOONPLEK TE VERANDER 44
6	WERKGESINDHEID VAN DIE ONDERSOEKGROEP 53
6.1	Algemene werkgesindheid 53
6.2	Gesindheid teenoor bepaalde soorte werk 55
7	BEOORDELING VAN WERKNEMERS DEUR WERKGEWERS 75
8	SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS 79
9	SYNOPSIS AND CONCLUSIONS 88
	BYLAE A 97
	BYLAE B 107
	BYLAE C 112
	BRONNELYS 115

TABELLE

	BLADSY	
2.1	HUISTAAL EN KERKVERBAND VAN DIE ONDERSOEKGROEP	8
2.2	GETAL AFHANKLIKES VAN DIE ONDERSOEKGROEP	9
2.3	WERKSTATUS VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS OUDERDOM	10
3.1	BEROEP VAN WERKENDES VOLGENS WERKGEWERSEKTOR	12
3.2	BEROEP VOLGENS OUDERDOM	14
3.3	SALARIS VOLGENS BEROEP	15
3.4	HOOGSTE SKOOLSTANDERD GESLAAG VOLGENS BEROEP	16
3.5	GETAL WERKENDES WAT OOR NASKOOLSE KWALIFIKASIES BESKIK VOLGENS BEROEP	17
3.6	NASKOOLSE KWALIFIKASIES DEUR WERKENDES BEHAAL	19
3.7	TYDPERK BY VORIGE WERKGEWER IN DIENS	20
3.8	GETAL WERKGEWERS WAT WERKENDES VORIGE TWEE JAAR GEHAD HET VOLGENS BEROEP	22
3.9	ANTWOORDE VAN WERKENDES OF HULLE ANDER WERK SOEK VOLGENS BEROEP	23
3.10	REDES WAAROM WERKENDES ANDER WERK SOEK OF NIE SOEK NIE	24
3.11	GETAL DAE GEDURENDE NOVEMBER 1974 AFWESIG SONDER BETALING VOLGENS BEROEP	26
3.12	AFSTAND NA WERK	28
3.13	TYD OM BY WERK TE KOM	29
3.14	REISKOSTE NA WERK	29
3.15	SOORT HUISVESTING VAN WERKENDES VOLGENS BEROEP	31
4.1	ANTWOORDE VAN WERKLOSES OF HULLE WERK SOEK VOLGENS TYDPERK WERKLOOS	32
4.2	REDES WAAROM WERKSOEKERS NOG NIE WERK GEKRY HET NIE	33
4.3	REDES WAAROM WERKLOSES NIE WERK SOEK NIE	34
4.4	BEROEP EN SALARIS DEUR WERKSOEKERS VERLANG	35
4.5	HOOGSTE SKOOLSTANDERD DEUR WERKLOSES GESLAAG	36
4.6	NASKOOLSE KWALIFIKASIES DEUR WERKLOSES BEHAAL	36
4.7	ANTWOORD OF WERKLOSES REEDS WERK KON KRY	37



4.8	BEROEP EN SALARIS AAN WERKSOEKERS AANGEBIED	38
4.9	REDES WAAROM WERKSOEKERS AANGEBODE WERK NIE GENEEM HET NIE	39
4.10	LAASTE VOLTYDSE BEROEP VAN WERKLOSES VOLGENS SALARIS ONTVANG	40
4.11	WYSE WAAROP EN REDES WAAROM WERKLOSES SE DIENS IN LAASTE VOLTYDSE BEROEP BEÏNDIG IS	41
4.12	GETAL WERKGEWERS WAT WERKLOSES VORIGE TWEE JAAR GEHAD HET	42
4.13	GETAL WERKLOSES BY ARBEIDSBURO GEREgistREER	42
4.14	GETAL WERKLOSES WAT WERKLOOSHEIDTOELAAG ONTVANG	42
4.15	SOORT HUISVESTING VAN WERKLOSES	43
5.1	BEREIDWILLIGHEID OM VAN WERK- EN WOONPLEK TE VERANDER VOLGENS BEROEP	45
5.2	BEREIDWILLIGHEID OM VAN WERK- EN WOONPLEK TE VERANDER VOLGENS SOORT HUISVESTING	46
5.3	ONDERSOEKGROEP SE BEOORDELING VAN HULLE HUISVES- TING	47
5.4	REDES WAAROM EN VOORWAARDES WAARONDER VERANDERING VAN WERK- EN WOONPLEK OORWEEG SAL WORD	48
5.5	REDES WAAROM DAAR NIE VAN WERK- EN WOONPLEK VER- ANDER WIL WORD NIE	48
5.6	BEREIDWILLIGHEID VAN ONDERSOEKGROEP OM IN SALDANHA TE GAAN WERK VOLGENS BEROEP	50
5.7	VOORWAARDES WAARONDER ONDERSOEKGROEP BEREID IS OM IN SALDANHA TE GAAN WERK VOLGENS BEROEP	52
6.1	ALGEMENE WERKGESINDHEID VAN DIE ONDERSOEKGROEP	54
6.2	WERKGESINDHEID VOLGENS HOOGSTE SKOOLSTANDERD GE- SLAAG	56
6.3	WERKGESINDHEID VOLGENS BEROEP	57
6.4	BELANGRIKHEID VAN WERKASPEKTE BY DIE KEUSE VAN 'N WERK	59
6.5	BELANGRIKSTE ASPEK WANNEER 'N WERK GEKIES WORD VOLGENS BEROEP	61
6.6	ANTWOORDE VAN ONDERSOEKGROEP OF HULLE SKOFTE WERK	63

6.7	ANTWOORDE VAN PERSONE WAT SKOFTE WERK OF HULLE DAARVAN HOU EN REDES	64
6.8	BEREIDWILLIGHEID VAN PERSONE WAT NIE SKOFTE WERK NIE OM DIT TE DOEN	64
6.9	REDES WAAROM NIE SKOFWERK WIL DOEN NIE	65
6.10	VOORWAARDES WAARONDER PERSONE WAT NIE SKOFTE WERK NIE BEREID IS OM DIT TE DOEN	66
6.11	ANTWOORDE VAN ONDERSOEKGROEP OF HULLE SATERDAE WERK	67
6.12	ANTWOORDE VAN PERSONE WAT SATERDAE WERK OF HULLE DAARVAN HOU EN REDES	68
6.13	BEREIDWILLIGHEID VAN PERSONE WAT NIE SATERDAE WERK NIE OM DIT TE DOEN	69
6.14	REDES WAAROM NIE SATERDAE WIL WERK NIE	69
6.15	VOORWAARDES WAARONDER EN REDES WAAROM PERSONE WAT NIE SATERDAE WERK NIE BEREID IS OM DIT TE DOEN	70
6.16	ANTWOORDE VAN ONDERSOEKGROEP OF HULLE SONDAE WERK	71
6.17	ANTWOORDE VAN PERSONE WAT SONDAE WERK OF HULLE DAARVAN HOU EN REDES	72
6.18	BEREIDWILLIGHEID VAN PERSONE WAT NIE SONDAE WERK NIE OM DIT TE DOEN	72
6.19	REDES WAAROM NIE BEREID OM SONDAE TE WERK NIE	73
6.20	VOORWAARDES WAARONDER EN REDES WAAROM PERSONE WAT NIE SONDAE WERK NIE BEREID IS OM DIT TE DOEN	73
7.1	GEMIDDELDE BEOORDELING VAN BLANKE, KLEURLING- EN BANTOEWERKERS DEUR WERKGEWERS	76

## SUMMARY

Developments in the Saldanha area are expected to create many job opportunities for Coloureds, mainly for men. In order to determine whether Coloured workers will make use of these opportunities and whether employers will be able to recruit and train a suitable labour force, a research project was undertaken to investigate the labour situation and the attitude of the Coloured male with regard to work in general and specific kinds of work in particular. The survey group consists of 929 Coloured men in the age category 15 to 64 years, 764 of whom pursue an occupation, while 165 are unemployed. The investigation was restricted to the Cape Peninsula, since a relatively large number of Coloured workers are resident there and this will probably be the main recruiting area for the industries in Saldanha.

In order to determine the attitude of employers with regard to the Coloured person as a worker, 28 manufacturing industries, most of which are in the metal sector, were involved in the investigation.

The first phase of the field-work, involving the 929 Coloured workers, was undertaken from 27 January to 7 February 1975 and the second phase, involving the employers, was completed during June 1975.

## OPSOMMING

Ontwikkelings in die Saldanhagebied sal na verwagting heelwat werkgeleenthede skep vir Kleurlinge, hoofsaaklik mans. Om te bepaal of die Kleurlingwerkers van hierdie geleentheid gebruik sal maak en of die werkgewers in staat sal wees om 'n geskikte arbeidsmag te werf en op te lei, is 'n navorsingsprojek onderneem om ondersoek in te stel na die arbeidsituasie en die gesindheid van die Kleurlingman teenoor werk in die algemeen en bepaalde soorte werk in die besonder. Die ondersoekgroep bestaan uit 929 Kleurlingmans waarvan 764 'n beroep beoefen en 165 werkloos is, in die ouderdomsgroep 15 tot 64 jaar. Die ondersoek is tot die Kaapse Skiereiland beperk omdat relatief groot getalle Kleurlingwerkers daar woonagtig is en hierdie gebied waarskynlik ook die belangrikste werwingsveld vir die nywerhede in Saldanha sal wees.

Om die gesindheid van werkgewers teenoor die Kleurling as werker te bepaal, is 28 vervaardigingsnywerhede, waarvan die meeste in die metaalsektor is, ook in die ondersoek betrek.

Die eerste fase van die veldwerk, waarby die 929 Kleurlingwerkers betrek is, is van 27 Januarie tot 7 Februarie 1975 onderneem en die tweede fase, waarby die werkgewers betrek is, is gedurende Junie 1975 afgehandel.

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

#### 1.1 AGTERGROND EN DOELSTELLING

Navorsing van die Instituut vir Mannekragnavorsing oor die vraag na en aanbod van mannekrag toon dat die skepping van genoeg werkgeleenthede vir die vinnig groeiende Nie-Blanke bevolking 'n aktuele probleem is. Hierdie probleem is veral by die Kleurlinge opmerklik aangesien ramings toon dat die aanbod van Kleurlingmans die vraag teen 1980 met ongeveer 18 persent sal oortref (1). Hierdie syfer is deels die gevolg van die relatiewe lae groei in ekonomiese bedrywighede in die Wes-Kaap oor die afgelope jare.

Die Instituut het 'n mannekragvraag- en aanbodstudie in die Saldanhagebied onderneem waar bepaal is wat die uitwerking van ontwikkeling aldaar op die skepping van werkgeleenthede sal wees. Daar word beraam dat die Saldanhabaaistadskompleks teen 1980 'n totale bevolking van 63 000 en in 1990 'n totale bevolking van 87 000 sal hê. Om die omvang van hierdie toename in bevolking te besef, kan daarop gelet word dat Paarl en Worcester gesamentlik in 1970 'n totale bevolking van 86 250 gehad het. Daar word verder beraam dat die ontwikkelings in die Saldanhagebied teen 1980 sowat 22 000 werkgeleenthede en in 1990 sowat 31 000 werkgeleenthede sal skep(2).

Gedurende die veldondersoek vir bogenoemde studie is gevind dat sommige werkgewers bedenkinge het oor die geskiktheid van die Kleurling as nywerheidswerker. Indien hierdie werkgeleenthede nie deur die Kleurling opgeneem word nie, bestaan die moontlikheid dat die ontwikkeling in Saldanha aanleiding kan gee tot 'n groot toevloei van Bantoes na dié gebied.

Die huidige arbeidsituasie en die gesindheid van die Kleurling teenoor werk in die algemeen en bepaalde soort werk in die besonder, is belangrik want dit sal bepaal of hierdie volksgroep van die geleenthede gebruik sal maak of nie, en of die werkgewers in staat sal wees om 'n geskikte arbeidsmag te werf en op te lei. Die ontwikkeling te Saldanha sal aanvanklik hoofsaaklik werkgeleenthede vir mans skep, daarom is hierdie ondersoek slegs tot mans beperk.

Die doel met hierdie ondersoek is dus

(a) om die huidige arbeidsituasie van die Kleurlingman en sy gesindheid teenoor werk in die algemeen en bepaalde soort werk in die besonder, te ondersoek, en

(b) om die gesindheid van werkgewers teenoor Kleurlingwerkers te bepaal.

## 1.2 METODE VAN ONDERSOEK

Die ondersoek is in twee fases afgehandel wat vervolgens afsonderlik beskryf word.

### 1.2.1 Eerste fase

Gedurende die eerste fase is gegewens met behulp van 'n vraelys (Bylae A) van 929 Kleurlingmans in die ouderdomsgroep 15 tot 64 jaar ingesamel. Kleurlingveldwerkers is gebruik om die persoonlike onderhoude te voer en die vraelyste in te vul. Twee Blanke veldwerkers en twee navorsers van die AGN het oor die Kleurlingveldwerkers toesig gehou. Die veldwerk is gedurende die tydperk 27 Januarie tot 7 Februarie 1975 onderneem. Die ondersoek is tot die Kleurlingwoongebiede in die Kaapse Skiereiland beperk omdat relatiewe groot getalle Kleurlingwerkers daar woonagtig is en hierdie gebied waarskynlik ook 'n belangrike werwingsveld vir die nywerhede in Saldanha sal wees. Die werkgeleenthede wat in Saldanha geskep sal word, sal ook in 'n groot mate ooreenstem met die werkgeleenthede wat in die Kaapse Skiereiland bestaan. Soos reeds genoem, is die ondersoek slegs tot Kleurlingmans beperk.

Aangesien die doel met die ondersoek nie is om 'n statistiese beeld van die samestelling van die Kleurlingbevolking in die Kaapse Skiereiland te gee nie, is die steekproef vir die ondersoek nie op ewekansige wyse getrek nie. Om egter te verseker dat die bevolking in die gebied op sosio-ekonomiese grondslag in die ondersoek verteenwoordig is, is die soort huisvesting wat bewoon word wel by die trek van die steekproef in ag geneem, aangesien die soort huis of woonstel wat 'n persoon bewoon gewoonlik 'n weerspieëling van sy sosio-ekonomiese posisie is. Enkele instansies wat kennis dra van die behuisingsituasie in die Kaapse Skiereiland, soos die Munisipaliteit van Kaapstad en die Kleurling-Ontwikkelingskorporasie, is geraadpleeg en op grond van inligting wat deur hulle verstrek is, is 'n bepaalde getal persone uit elke soort woning in die ondersoek betrek. Hierdie inligting verskyn in tabel 1.1.

Nadat die veldwerk vir hierdie ondersoek afgehandel is, het die Kleurling-Ontwikkelingskorporasie 'n behuisingsopname in die Kaapse Skiereiland onderneem en hierdie instansie se beraming van die verdeling van die behuising in die vier betrokke kategorieë is soos volg:

Privaathuis (eie of huurhuis)	- 35,4%
Ekonomiese huis of woonstel	- 25,7%
Sub-ekonomiese huis of woonstel	- 21,8%
Sink-en-palehuis	- 17,1%

TABEL 1.1  
SOORT HUISVESTING VAN DIE ONDERSOEKGROEP

Soort huis of woonstel	N	%
Privaathuis (eie of huurhuis)	197	21,2
Ekonomiese huis of woonstel	235	25,3
Sub-ekonomiese huis of woonstel	259	27,9
Sink-en-palehuis	226	24,3
Nie gespesifiseer	12	1,3
TOTAAL	929	100

Alhoewel daar volgens die Kleurling-Ontwikkelingskorporasie se raming 'n groter persentasie privaathuise is as wat met die AGN se opname gevind is, toon die twee stellinge gegewens 'n groot mate van ooreenkomst wat die algemene verspreiding van die soort behuising betref.

Daar moet egter nie aanvaar word dat die verdeling van die AGN of van die Kleurling-Ontwikkelingskorporasie absoluut korrek is nie. Dit is byvoorbeeld bykans onmoontlik om die getal sink-en-palehuise vas te stel aangesien die getalle byna van dag tot dag wissel en baie daarvan ook moeilik opgespoor kan word. Die verdeling wat gemaak is, moet dus eerder as 'n raming wat op die beste beskikbare gegewens berus, beskou word. Vir die doel van hierdie ondersoek word aanvaar dat die bewoners van elk van die behuisingskategorieë voldoende in die ondersoek verteenwoordig is en dat die ondersoekgroep op 'n sosio-ekonomiese grondslag heel waarskynlik verteenwoordigend van die Kleurlingbevolking in die Kaapse Skiereiland is.

Tydens 'n vooronderzoek het dit geblyk dat, uit 'n behuisingsoogpunt gesien, die meeste groot Kleurlingwoongebiede in die Kaapse Skiereiland nie veel van mekaar verskil nie omdat al die soorte behuising, soos in tabel 1.1 genoem, in elke area voorkom. Die verskillende woongebiede is dus ook nie op ewekansige wyse in die ondersoek ingesluit nie. Tydens die veldwerk is die meeste van die groot woongebiede egter wel in 'n mindere of meerdere mate betrek.

Dit is vir die doel van die ondersoek ook nodig om te bepaal in welke mate die ondersoekgroep op ander aspekte verteenwoordigend van die totale Kleurlingbevolking in die Kaapse Skiereiland is. In tabel 1.2 word die beroepsverdeling van die ondersoekgroep vergelyk met dié van die totale manlike Kleurling-

bevolking in die Kaapse Skiereiland. Laasgenoemde inligting is uit die Departement van Statistiek se bevolkingsensus van 1970 verkry, (3, 19). Uit die aard van die saak word slegs die 764 persone in die ondersoekgroep wat 'n beroep beoefen, by die vergelykings in ag geneem.

TABEL 1.2

BEROEPSVERDELING VAN DIE ONDERSOEGROEP (GROEP A) EN VAN DIE MANLIKE KLEURLINGBEVOLKING IN DIE KAAPSE SKIEREILAND (GROEP B)

Beroepsgroep	Groep A		Groep B	
	N	%	N	%
Professionele, tegniese en verwante werker	54	7,1	3230	2,6
Administratiewe en besturende werker	14	1,8	290	0,2
Klerklike werker	74	9,7	13980	11,3
Verkoopswerker	40	5,2	8040	6,5
Dienswerker	32	4,2	11440	9,2
Produksie-, vervoerwerker en arbeider	550	72,0	87240	70,2
TOTAAL	764	100	124220	100

Alhoewel sommige van die beroepe waarvan daar relatiewe klein getalle beoefenaars in die ondersoek betrek is in 'n mate oor- of onderverteenvoerdig is, blyk dat die grootste groep werkers in die ondersoekgroep, te wete produksie- en vervoerwerkers en arbeiders, klerklike werkers en verkoopswerkers, in 'n groot mate verteenwoordigend van die totale manlike bevolking in die betrokke gebied is. In tabel 1.3 word die ouderdomverspreiding van die ondersoekgroep met dié van die totale manlike Kleurlingbevolking van die RSA vergelyk. Van die 764 ekonomies aktiewe persone in die ondersoekgroep het twee nie hulle ouderdomme aangetoon nie wat die totaal in hierdie tabel dus op 762 te staan bring.

Inligting oor die ouderdomverspreiding van die totale bevolking is ook uit die Departement van Statistiek se voorge-noemde publikasie verkry (3, 26). Resente inligting oor die ouderdomverspreiding van die Kleurlingbevolking in die Kaapse Skiereiland kon nie verkry word nie. Daar bestaan egter min rede om te aanvaar dat die ouderdomverspreiding in laasgenoemde gebied veel van dié van die totale bevolking in die RSA sal verskil. Soos uit die tabel opgemerk sal word, is daar 'n groot mate van ooreenkomst tussen die ouderdomverspreiding van die twee groepe. Vir die doel van hierdie ondersoek word dus aanvaar dat



die ondersoekgroep, wat beroepsverdeling en ouderdomverspreiding betref, voldoende verteenwoordigend van die manlike Kleurlingbevolking van die Kaapse Skiereiland is.

TABEL 1.3

OUDERDOMVERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEGROEP (GROEP A) EN VAN DIE TOTALE MANLIKE KLEURLINGBEVOLKING IN DIE RSA (GROEP B)

Ouderdom	Groep A		Groep B	
	N	%	N	%
< 20	88	11,5	47540	15,1
20 - 24	158	20,7	57160	18,2
25 - 34	240	31,5	87150	27,7
35 - 44	147	19,3	65290	20,8
45 - 54	101	13,3	38270	12,2
55 - 64	28	3,7	18790	6,0
TOTAAL	762	100	314200	100

Om die arbeidsituasie van die werkloos te kan ondersoek, is vooraf besluit om soveel werkloos in die ondersoek te betrek dat die groep groot genoeg vir ontledingsdoeleindes kan wees. Die getal werkloos in die ondersoekgroep (17,8%) is dus slegs 'n arbitrêre syfer en moet dus nie as verteenwoordigend van die omvang van werkloosheid onder die Kleurlingbevolking in die Kaapse Skiereiland beskou word nie.

### 1.2.2 Tweede fase

Gedurende die tweede fase van die ondersoek is 28 nywerhede in die Kaapse Skiereiland besoek. Hierdie nywerhede het gesamentlik 1726 Blanke, 4678 Kleurling- en 2177 Bantoemans in diens. Onderhoude is deur navorsers van die RGN met persone in senior poste wat kennis dra van personeelaangeleenthede, hoofsaaklik werke- en personeelbestuurders, gevoer. Met behulp van 'n vraelys (Bylae B) is inligting oor die werkers se gesindheid teenoor werk en hulle geskiktheid as nywerheidswerkers ingesamel. Die werkgewers is ook versoek om volgens 'n beoordelingskaal (Bylae C) hul Kleurling-, Blanke en Bantoewerkers te beoordeel. Die beoordeling van laasgenoemde twee volksgroepe word slegs vir vergelykingsdoeleindes gebruik. Vyf van die ondernemings het nie Bantoewerkers in diens nie en hierdie werkgewers het dus slegs die ander twee volksgroepe beoordeel. By die keuse van die 28 ondernemings is hoofsaaklik op vervaardigings-

nywerhede, en veral dié in die metaalsektor (20 van die 28) gekonsentreer aangesien verwag kan word dat die meeste werkgeleentehede te Saldanha in hierdie soort nywerhede sal ontstaan. Alhoewel die ander agt nywerhede nie in die metaalsektor is nie, is dit ook vervaardigingsnywerhede wat relatiewe groot getalle werkers in diens het. Drie van hierdie nywerhede vervaardig houtprodukte, drie vervaardig minerale (nie-metaal) produkte, een vervaardig elektriese toebehore en nog een vervaardig motorbakke. Die betrokke ondernemings is gedurende die tydperk 8-13 Junie 1975 besoek.

### 1.3 OPSET VAN DIE VERSLAG

Hoofstuk 2 is 'n algemene beskrywing van die ondersoeksgroep.

In hoofstuk 3 word die werksituasie van diegene wat 'n beroep beoefen, beskryf, en in hoofstuk 4 word die werkgeskiedenis van die werkloos beskryf.

Die bereidwilligheid van die ondersoeksgroep om van werk en woonplek te verander word in hoofstuk 5 bespreek. In hierdie paragraaf word ook aangetoon of die respondente bereid is om in Saldanha te gaan werk al dan nie, en die voorwaardes wat deur diegene wat wel bereid is gestel is, word ook bespreek.

Hoofstuk 6 is 'n ontleding van die algemene werkgesindheid van die ondersoeksgroep asook hulle gesindheid teenoor bepaalde soort werk.

Die beoordeling van die werknemers deur die werkgewers word in hoofstuk 7 aangetoon, en hoofstuk 8 is 'n samevatting van die belangrikste bevindings van die ondersoek en die gevolgtrekkings wat uit bevindings gemaak is.

## HOOFSTUK 2

### ALGEMENE BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEK

In tabelle 2.1 en 2.2 word die huistaal, kerkverband en getal afhanklikes van die ondersoekgroep aangetoon. Inagnemende die doel met hierdie verslag word bogenoemde aspekte nie verder bespreek nie en word dit slegs as agtergrondinligting aangebied.

Tabel 2.3 toon die werkstatus, volgens ouderdom, van die ondersoekgroep. Van die 764 persone (82,2% van die ondersoekgroep) wat ten tye van die ondersoek 'n beroep beoefen het, het 731 (95,7%) voltyds en 33 (4,3%) deelyds gewerk. Na hierdie 764 persone word in die res van hierdie verslag as die werkendes verwys. Van die 165 werkloses (17,8%) van die ondersoekgroep het 143 (86,7%) voorheen gewerk en 22 (13,3%) het nog nooit gewerk nie.

Die mediaanouderdom van die werkendes (30 jaar), is heelwat hoër as die van die werkloses (23 jaar). Diegene wat nog nooit gewerk het nie is relatief jonk (mediaanouderdom is 17 jaar) wat daarop dui dat die meeste van hulle pas die skool verlaat het. Dit is egter opvallend dat diegene wat werkloos is maar reeds voorheen gewerk het ook heelwat jonger as die werkendes is. Die afleiding kan dus gemaak word dat hierdie werkloses nadat hulle begin werk het nog nie 'n beroep of werk gevind het wat hulle hul loopbaan wil maak nie. Dit is ook 'n algemene verskynsel dat jeugdiges, hoofsaaklik weens hulle gebrek aan werkervaring, moeiliker werk vind wanneer die vraag na arbeid enigensins beperk is.

In die volgende twee hoofstukke van hierdie verslag word onderskeidelik die werksituasie en die werkgeskiedenis van voornoemde twee groepe persone, te wete die werkendes en die werkloses bespreek.

TABEL 2.1

HUIJSTAAL EN KERKVERBAND VAN DIE ONDERSOEKSGROEP

Kerkverband	HuiSTAAL										Totaal			
	Afrikaans					Engels					Afrikaans en Engels		Nie aange- toon	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
NG Kerk	N 114	18,4	5	2,2	7	8,3							126	13,6
	% 90,5		4,0		5,6								100	
Rooms-Katolieke Kerk	N 49	7,9	39	17,4	13	15,5	1	33,3					102	11,0
	% 48,0		38,2		12,7		1,0						100	
Maleier-, Moslem- en Isla- mitiese Kerke	N 68	11,0	26	11,6	10	11,9							104	11,2
	% 65,4		25,0		9,6								100	
Engelse Kerke (bv. Anglikaans, Metodis)	N 162	26,2	92	41,1	30	35,7							284	30,6
	% 57,0		32,4		10,6								100	
Apostoliese en Pinksterkerke	N 118	19,1	17	7,6	14	16,7							149	16,0
	% 79,2		11,4		9,4								100	
Jehova se Getuies	N 6	1,0											6	0,6
	% 100,0												100	
Sewendedagadventiste	N 6	1,0	2	0,9	1	1,2	1	33,3					10	1,1
	% 60,0		20,0		10,0		10,0						100	
Buitelandse Sendinggenootskappe (bv. Morawies)	N 48	7,8	8	3,6	2	2,4							58	6,2
	% 82,8		13,8		3,4								100	
Ander (6) Kerkgenootskappe	N 21	3,4	9	4,0	1	1,2	1	33,3					32	3,4
	% 65,6		28,1		3,1		3,1						100	
Geen kerkverband of nie aangetoon nie	N 26	4,2	26	11,6	6	7,1							58	6,2
	% 44,8		44,8		10,3								100	
TOTAAL	N 618	100	224	100	84	100	3	100					929	100
	% 66,5		24,1		9,0		0,3						100	

TABEL 2.2

GETAL AFHANKLIKES VAN DIE ONDERSOEKSGROEP

Getal afhanklikes	N	%
1	103	11,1
2	134	14,4
3	126	13,6
4	137	14,7
5	88	9,5
6	62	6,7
7	43	4,6
8	19	2,0
9	4	0,4
10	4	0,4
Geen afhanklikes of nie aangetoon nie	209	22,5
TOTAAL	929	100

TABEL 2.3  
WERKSTATUS VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS OUDERDOM

Ouderdom (jare)	Werkstatus												Totaal					
	Werk voltyds				Werk deelyds				Werkloos maar het voorheen gewerk				Werkloos en het nog nooit gewerk nie				N	%
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
15 - 19	N	86	11,8	2	6,1	36	25,2	20	90,9	144	15,5	59,7	1,4	25,0	13,9	100		
20 - 24	N	154	21,1	4	12,1	36	25,2	2	9,1	196	21,1	78,6	2,0	18,4	1,0	100		
25 - 29	N	125	17,1	4	12,1	29	20,3	18,4		158	17,0	79,1	2,5	18,4	100			
30 - 34	N	107	14,6	4	12,1	10	7,0	8,3		121	13,0	88,4	3,3	9,9	6,3	100		
35 - 39	N	75	10,3	4	12,1	10,2	6,3	9		88	9,5	85,2	4,6	6,1	6,3	100		
40 - 44	N	66	9,0	2	6,1	11,7	6,3	9		77	8,3	85,7	2,6	6,1	6,3	100		
45 - 49	N	59	8,1	6	18,2	5,8	2,8	4		77	8,3	85,5	8,7	6,1	2,8	100		
50 - 54	N	34	4,7	2	6,1	8	5,6	8		69	7,4	77,3	4,6	6,1	5,6	100		
55 - 59	N	17	2,3	1	3,0	1	0,7	1		44	4,7	89,5	5,3	3,0	0,7	100		
60 - 64	N	6	0,8	4	12,1	1	0,7	1		19	2,0	54,6	36,4	12,1	0,7	100		
Nie aangetoon nie	N	2	0,3			9,1				2	0,2	100,0				100		
TOTAAL	N	731	100	33	100	143	100	22	100	929	100	78,7	3,6	15,4	2,4	100		
Mediaanouderdom	%	30	30	38	38	24	24	17	17	28	28							

## HOOFSTUK 3

### DIE WERKSITUASIE VAN DIE WERKENDES

Om te bepaal of die Kleurling as werker bevoeg is om in die nuwe werkgeleenthede wat in die Wes-Kaap geskep gaan word, opgeneem te word, is dit nodig om ook op die huidige werksituasie van die Kleurlingmannekrag te let. Toekomstige werkgewers kan beswaarlik hulle personeelvoorsiening en -benutting behoorlik beplan as hulle nie kennis dra van die vaardighede, salarisse, kwalifikasies, opleiding en stabiliteit van die Kleurlingwerkers nie. Aspekte soos vervoer en behuising, wat ook faktore is wat die stabiliteit van die arbeidsmag kan beïnvloed, is ook vir toekomstige werkgewers van belang. In hierdie hoofstuk word aandag aan die voorgenoemde aspekte geskenk.

#### 3.1 BEROEPSBEOEFENING EN SALARIS

In tabelle 3.1, 3.2, 3.3, 3.4 en 3.5 word die beroepe wat deur die werkendes beoefen word, onderskeidelik volgens werkgewersektor, ouderdom, salaris, hoogste skoolstanderd geslaag, en naskoolse kwalifikasies behaal, ontleed. Die rede waarom ouderdom en kwalifikasies in hierdie paragraaf bespreek word, is dat hierdie aspekte 'n belangrike invloed op 'n persoon se beroepsbeoefening en veral salaris uitoefen. Wanneer daar op die salarisse van die verskillende groepe gelet word, moet in gedagte gehou word dat byvoordele nie in aanmerking geneem is nie.

Arbeiders (20,3%), ambagsmanne en vakleerlinge (19,5%) en operateurs en halfgeskoolde werkers (16,4%) is die drie grootste beroepsgroepe en maak gesamentlik net meer as die helfte (56,2%) van die werkendes uit (tabel 3.1). Die beroepsbenamings van bogenoemde drie beroepe is in 'n groot mate selfverduidelikend van die aard van die werk wat deur die beoefenaars van daardie beroepe gedoen word. Dieselfde geld ook vir voormanne en toesighouers en nie-gesertifiseerde ambagsmanne. In die beroepsgroep professionele, semi-professionele en tegniese beroepe is onder andere ingesluit onderwysers, godsdiensberoepe, regsberoepe, rekenmeesters, geesteswetenskaplikes, skrywers, kunstenaars, sportberoepe, tegnisi en tegniese assistente. Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers sluit in alle soorte bestuurspersoneel, sekretarisse en administratiewe beamptes. Klerke sluit in alle toonbankklerke, kantoor-, bank- en masjienhantearingsklerke. Verkoops- en verwante werkers sluit in alle personeel wat met verkope gemoeid is soos winkel- en toonbankassistente, assuransie-agente, verkoopsvertegenwoordigers, pompjoggies, straatverkopers, ensovoorts. By vervoer, aflowering en kommunikasie is ingesluit alle vervoerwerkers soos bus-, vrugmotor- en

TABEL 3.1  
BEROEP VAN WERKENDES VOLGENS WERKGEWERSEKTOR

Werkgewersector	Beroepsgroep															
	Professionele, semi-professionele en tegniese beroepe			Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers			Klerke			Verkoopte werkers			Vervoer, aflewering en kommunikasie werkers			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Landbou, bosbou en visserye																
Mynbou																
<u>Vervaardiging (fabriekswese)</u>																
Voedsel, drank en tabak	1	1,9	1	7,1	8	10,8	2	5,0	2	5,7	2	2,3	1	3,1		
Tekstiel, klere en leer			1	1,4												
Hout en houtprodukte	1	1,9	2	14,3	4	5,4			4	4,6						
Papier, drukwerk en publikasies	2	3,7			2	2,7										
Chemikalieë, chemiese produkte																
Nie-metaalprodukte (bv. glas, ertswerk)																
Metaalprodukte (yster en staal)	1	1,9			6	8,1										
Verwante metaalprodukte (bv. masjinerie)																
SUBTOTALE : VERVAARDIGING	5	9,3	3	21,4	25	33,8	2	5,0	14	16,1	1	3,1				
Elektrisiteit, gas en water	6	11,1	1	7,1	2	2,7										
Konstruksie (bou en siviël)	2	3,7	5	35,7	18	24,3	29	72,5	1	2,5	3	3,4	7	21,9		
Groot- en kleinhandel, spyseniering, akkommodasie			1	7,1	3	4,1										
Vervoer, berging en kommunikasie	1	1,9			11	14,9	6	15,0	1	1,1	1	1,1	1	3,1		
Finansiering en verskering	40	74,1	2	14,3	13	17,6	2	5,0	7	8,0	21	65,6	1	3,1		
Gemeenskaps- en persoonlike dienste			2	14,3	2	2,7										
Nie aangetoon nis																
TOTAAL	54	100	14		74	100	40	100	87	100	32	100				
%	7,1		1,8		9,7		5,2		11,4		4,2					

(vervolg)



TABEL 3.1 (VERVOLG)

Werkgewersector	Beroepsgroep												Totaal					
	Aanpak- en leerlinge			Nie-gesertifiseerde amptelike			Voormanne en toesighouers			Operateurs en halgewerkte skoolleerlinge			Arbeiders		Nie-aangetoonde			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Landbou, bosbou en visserye																		
Mynbou																		
Vervaardiging (fabriekswese)																		
Voedsel, drank en tabak	3	2,0	1	0,7	2	1,6	1	0,8	1	0,8	3	1,9	10	1,3	1	0,1	14	1,8
Tekstiel, klere en leer	1	0,7	2	1,6	1	0,8	1	0,8	52	41,6	10	6,5	84	11,0	1	0,1	84	11,0
Hout en houtprodukte	7	4,7	1	0,7	3	2,4	3	2,4	3	2,4	3	1,9	14	1,8	1	0,1	14	1,8
Papier, drukwerk en publikasies	5	3,4	1	0,7	1	0,8	1	0,8	10	8,0	5	3,2	32	4,2	1	0,1	32	4,2
Chemikalieë, chemiese produkte	1	0,7	2	1,6	2	1,6	2	1,6	8	6,4	3	1,9	18	2,4	1	0,1	18	2,4
Nie-metaalprodukte (bv. glas, ertswerk)	1	0,7	1	0,7	5	4,0	4	3,2	5	4,0	4	2,6	11	1,4	1	0,1	11	1,4
Metaalprodukte (yster en staal)	3	2,0	1	0,7	3	2,4	2	1,6	3	2,4	2	1,3	9	1,2	1	0,1	9	1,2
Verwerkte metaalprodukte (bv. masjinerie)	12	8,1	1	0,7	1	0,8	6	4,8	6	4,8	9	5,8	37	4,8	1	0,1	37	4,8
SUBTOTAAI : VERVAARDIGING	33	22,1	2	1,6	6	4,8	6	4,8	88	70,4	39	25,2	219	28,7	1	0,1	219	28,7
Elektrisiteit, gas en water	7	4,7	1	0,7	1	0,8	2	1,6	1	0,8	2	1,3	10	1,3	1	0,1	10	1,3
Konstruksie (bou en siviel)	69	46,3	6	4,7	4	3,2	4	3,2	11	8,8	27	17,4	130	17,0	1	0,1	130	17,0
Groot- en kleinhandel, spyseniering, akkommodasie	15	10,1	2	1,6	2	1,6	6	4,8	6	4,8	10	6,5	112	14,7	1	0,1	112	14,7
Vervoer, berging en kommunikasie	4	2,7	1	0,7	1	0,8	1	0,8	1	0,8	15	9,7	71	9,3	1	0,1	71	9,3
Finansiering en versekering	18	12,1	2	1,6	3	2,4	3	2,4	14	11,2	51	32,9	22	2,9	1	0,1	22	2,9
Gemeenskaps- en persoonlike dienste	3	2,0	1	0,7	2	1,6	2	1,6	2	1,6	2	1,3	173	22,6	1	0,1	173	22,6
Nie-aangetoonde																		
TOTAAL	149	100	11	7,4	16	10,7	16	10,7	125	100	155	100	764	100	7	5,0	764	100
%	19,5		1,4		2,1		2,1		16,4		20,3		0,9		0,9		100	

TABEL 3.2  
BEROEP VOLGENS OUDERDOM

Beroepsgroep	Ouderdom (jare)																			Totaal				
	15-19 20-24 25-29 30-34 35-39 40-44 45-49 50-54 55-59 60-64																		N		N	Mediaan= ouderdom		
	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N			N	N
Professionele, semi-professionele en techniese beroepe	N	3	14	13	6	4	3	5	6														54	28
%	%	5,6	25,9	24,1	11,1	7,4	5,6	9,3	11,1														100	
Besturende, uitvoerende en administra- tiewe werkers	N			3	3	2	4	1															14	37
%	%			21,4	21,4	14,3	28,6	7,1															100	
Klerke	N	9	25	12	13	7	4	2															74	26
%	%	12,2	33,8	16,2	17,6	9,5	5,4	2,7															100	
Verkoops- en verwante werkers	N	2	5	7	10	4	4	4	3														40	33
%	%	5,0	12,5	17,5	25,0	10,0	10,0	10,0	7,5	2,5													100	
Vervoer, afluering en kommunikasie	N	8	15	13	15	10	12	10	1														87	32
%	%	9,2	17,2	14,9	17,2	11,5	13,8	11,5	1,1	3,4													100	
Dienswerkers	N	2	5	3	8	2	4	3	1														32	33
%	%	6,3	15,6	9,4	25,0	6,3	12,5	9,4	3,1	3,1	9,4												100	
Ambagsmanne en vakleerlinge	N	22	37	30	19	13	9	13	4	1													149	27
%	%	14,8	24,8	20,1	12,8	8,7	6,0	8,7	2,7	0,7													100	
Nie-gesertifiseerde ambagsmanne	N	2	3	3		1	1	1															11	25
%	%	18,2	27,3	27,3		9,1	9,1	9,1															100	
Voormanne en toesighouers	N	3	1	2	1	3	4	1															16	41
%	%	18,8	6,3	12,5	6,3	18,8	25,0	6,3	6,3														100	
Operateurs en halfgeskoolde werkers	N	18	25	19	22	15	5	10	4	5	2												125	30
%	%	14,4	20,0	15,2	17,6	12,0	4,0	8,0	3,2	4,0	1,6												100	
Arbeiders	N	20	26	25	13	18	19	11	16	2	3	2											155	32
%	%	12,9	16,8	15,1	8,4	11,5	12,3	7,1	10,3	1,3	1,9	1,3											100	
Nie aangetoon nie	N	2				2	1	1															7	
%	%	28,6				28,6	14,3	14,3															100	
TOTAAL	N	88	158	129	111	79	68	65	36	18	10	2											764	30
%	%	11,5	20,7	16,9	14,5	10,3	8,9	8,5	4,7	2,4	1,3	0,3											100	

TABEL 3.3  
SALARIS VOLGENS BEROEP

Beroepsgroep	Salaris (hend per maand)																Totaal	
																	N	
	2-49		50-89		90-129		130-169		170-209		210-249		250-309		350+		N	
	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N
Professionele, semi-professionele en technische beroepen	N	1	3	4	7	6	19	10	4								54	271
%	%	1,9	5,6	7,4	13,0	11,1	36,2	18,5	7,4								100	
Besturende, uitvoerende en administratieve werkers	N			4	2	2	2	3	1								14	220
%	%			28,6	14,3	14,3	14,3	21,4	7,1								100	
Klerke	N	4	16	17	20	4	12	1									74	170
%	%	5,4	21,6	23,0	27,0	5,4	16,2	1,4									100	
Verkoops- en verwante werkers	N	2	7	4	5	7	7	7	8								40	194
%	%	5,0	17,5	10,0	12,5	17,5	17,5	17,5	20,0								100	
Vervoer, aflevering en communicatie	N	10	23	28	14	6	3	1	2								87	144
%	%	11,5	26,4	32,2	16,1	6,9	3,4	1,1	2,3								100	
Dienswerkers	N	7	9	10	4	1			1								32	128
%	%	21,9	28,1	31,3	12,5	3,1			3,1								100	
Ambagsmanne en vakleerlinge	N	8	24	31	16	9	55	5	1								149	197
%	%	5,4	16,1	20,8	10,7	6,0	36,9	3,4	0,7								100	
Nie-gesertifiseerde ambagsmanne	N	2	6	2		1											11	113
%	%	18,2	54,5	18,2		9,1											100	
Voormanne en toesighouers	N			1	2	2	8	3									16	287
%	%			6,3	12,5	12,5	50,0	18,8									100	
Operateurs en halfgeschoolde werkers	N	1	26	36	30	13	8	7	4								125	130
%	%	0,8	20,0	28,8	24,0	10,4	6,4	5,6	3,2								100	
Arbeiders	N	2	66	71	10	1			5								165	94
%	%	1,3	42,6	45,8	6,5	0,6			3,2								100	
Nie aangetoon nie	N						3		4								7	
%	%						42,9		57,1								100	
TOTAAL	N	3	125	195	144	84	39	113	34								764	146
%	%	0,4	16,4	25,5	18,8	11,0	5,1	14,8	4,5								100	

TABEL 3.4

## HOOGSTE SKOOLSTANDERD GESLAAG VOLGENS BEROEP

Beroepsgroep	Hoogste schoolstander geslaag														Totaal	
	Geen skoolop- leiding		Sub A st. 2		St. 3 tot st. 5		Sts. 6+7		Sts. 8+9		Ma= briek		Niet aan- getoon		N	%
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
Professionele, semi-professionele en technische beroepen	N	%	2	9	41	2	9	41	2	9	41	2	9	41	54	7,1
Besturende, uitvoerende en administratieve werkers	N	%	3,7	16,7	75,9	3,7	16,7	75,9	3,7	16,7	75,9	3,7	16,7	75,9	14	1,8
Klente	N	%	7,1	21,4	28,6	36,7	7,1	21,4	28,6	36,7	7,1	21,4	28,6	36,7	74	9,7
Verkoops- en verwante werkers	N	%	5	20	31	18	5	20	31	18	5	20	31	18	100	
Vervoer, aflevering en communicatie	N	%	1	4	6	6	16	6	16	6	16	1	4	6	40	5,2
Dienwerkers	N	%	2,5	10,0	15,0	40,0	15,0	40,0	15,0	40,0	15,0	2,5	10,0	15,0	100	
Ambagsmanne en vakleerlinge	N	%	2	5	27	41	9	2	1	1	1	2	5	27	87	11,4
Nie-gesertifiseerde ambagsmanne	N	%	2,3	5,7	31,0	47,1	10,3	2,3	1,1	1,1	1,1	2,3	5,7	31,0	100	
Voormanne en toesighouers	N	%	1	4	7	15	3	1	1	1	1	2	5	27	32	4,2
Operateurs en halfgeskoolde werkers	N	%	3,1	12,5	21,9	46,9	9,4	3,1	12,5	21,9	46,9	9,4	3,1	12,5	100	
Arbeiders	N	%	7	39	48	45	9	7	39	48	45	9	7	39	149	19,5
Nie aangetoon nie	N	%	4,7	26,2	32,2	30,2	6,0	4,7	26,2	32,2	30,2	6,0	4,7	26,2	100	
TOTAAL	N	%	9,1	54,5	18,2	18,2	11	11	11	11	11	11	11	11	7	0,9
	N	%	1	2	6	4	3	1	1	1	1	2	5	27	16	2,1
	N	%	6,3	12,5	37,5	25,0	18,8	6,3	12,5	37,5	25,0	18,8	6,3	12,5	100	
	N	%	2	5	39	54	20	3	2	2	2	2	2	2	125	16,4
	N	%	1,6	4,0	31,2	43,2	16,0	2,4	1,6	1,6	1,6	1,6	1,6	1,6	100	
	N	%	15	32	57	42	2	1	6	6	6	6	6	6	165	20,3
	N	%	9,7	20,6	36,8	27,1	1,3	0,7	3,9	3,9	3,9	3,9	3,9	3,9	100	
	N	%	1	14,3	24,9	28,6	2	1	1	1	1	1	1	1	7	0,9
TOTAAL	N	%	22	59	192	243	148	84	22	59	192	243	148	84	764	100
	N	%	2,9	7,7	26,1	31,8	19,4	11,0	2,9	7,7	26,1	31,8	19,4	11,0	100	

motorbestuurders, afleweringswerkers, see- en lugvervoerwerkers, kruiers, posbestellers en bodes. Dienswerkers sluit in onder andere alle weermag-, gevangenis- en polisiepersoneel, verkeersinspekteurs, nagwagte en ander opsigters, kroegmanne, hotel-, restaurant- en hospitaalwerkers.

TABEL 3.5

GETAL WERKENDES WAT OOR NASKOOLSE KWALIFIKASIES BESKIK VOLGENS BEROEP

Beroepsgroep		Beskik oor naskoolse kwalifikasies		Totaal
		Ja	Nee	
Professionele, semi-professionele en tegniese beroepe	N	32	22	54
	%	59,3	40,7	100
Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers	N	2	12	14
	%	14,3	85,7	100
Klerke	N	4	70	74
	%	5,4	94,6	100
Verkoops- en verwante werkers	N		40	40
	%		100,0	100
Vervoer, aflewering en kommunikasie	N	3	84	87
	%	3,4	96,6	100
Dienswerkers	N		32	32
	%		100,0	100
Ambagsmanne en vakleerlinge	N	36	113	149
	%	24,2	75,8	100
Nie-gesertifiseerde ambagsmanne	N		11	11
	%		100,0	100
Voormanne en toesighouers	N	6	10	16
	%	37,5	62,5	100
Operateurs en halfgeskoolde werkers	N	10	115	125
	%	8,0	92,0	100
Arbeiders	N	1	154	155
	%	0,6	99,4	100
Nie aangetoon nie	N	1	6	7
	%	14,3	85,7	100
TOTAAL	N	95	669	764
	%	12,4	87,6	100

Die grootste enkele groep werkendes (28,7%) is in die vervaardigingssektor (fabriekswese) werkzaam, en die tweede grootste enkele groep is in die gemeenskap- en persoonlike dienste-sektor werkzaam (22,6%). Laasgenoemde sektor sluit in die staatsdiens, weermag, polisie, gevangenis, onderwys, godsdienstige instellings, hospitale, ontspanningsinstellings en private huishoudings. Die groot- en kleinhandel, spyseniering- en akkommodasiebedryf en die konstruksiebedryf is ook relatiewe groot verskaffers van werkgeleentede.

Die mediaanouderdom van die werkendes is 30 jaar (tabel 3.2). Soos verwag kan word is die voormanne en toesighouers as groep die oudste (mediaanouderdom is 41 jaar). Die ouderdomme van die verskillende beroepsgroepe moet in aanmerking geneem word wanneer daar op die salarisse van die beroepsgroepe, wat in tabel 3.3 aangetoon word, gelet word. Daar moet ook in gedagte gehou word dat salarisse ook in 'n mate deur die kwalifikasiepeil van die persone beïnvloed word. Dit blyk dat die mediaansalaris van die voormanne en toesighouers (R287 per maand) die hoogste van al die beroepsgroepe is. Soos reeds genoem, is die voormanne en toesighouers as groep aanmerklik ouer as die werkers in die ander beroepsgroepe, wat dus beteken dat hulle oor heelwat meer werkervaring beskik. Verder blyk dat 18,8 persent van die voormanne en toesighouers matriek geslaag het (tabel 3.4) en 'n verdere 25 persent het sts.8 en 9 geslaag. Uit tabel 3.5 blyk ook dat 37,5 persent van hierdie beroepsgroep oor naskoolse kwalifikasies beskik. Daar moet op gelet word dat met naskoolse kwalifikasies word nie slegs bedoel kwalifikasies wat na matriek behaal is nie, maar ook kwalifikasies wat 'n persoon behaal het nadat hy die skool verlaat het selfs voordat hy matriek geslaag het.

Alhoewel die beoefenaars van professionele, semi-professionele en tegniese beroepe waarvan die grootste persentasie onderwysers is, relatief jonk is (mediaanouderdom is 28 jaar) verdien hulle as groep die tweede hoogste salaris (mediaansalaris is R271 per maand). Hierdie toedrag van sake kan waarskynlik aan hulle relatiewe hoë kwalifikasiepeil toegeskryf word. Sodat 75 persent van hierdie groep het matriek geslaag en meer as die helfte (59,3%) beskik oor naskoolse kwalifikasies. Die arbeiders is die laags besoldigde beroepsgroep, (mediaansalaris is R94 per maand), maar is ook die laagste geskoolde beroepsgroep. Slegs twee persent van die arbeiders het st.8 of hoër geslaag teenoor 18,4 persent operateurs en halfgeskoolde werkers en 36,2 persent ambagsmanne en vakleerlinge. Ook wat naskoolse kwalifikasies betref is laasgenoemde twee beroepsgroepe heelwat beter daaraan toe as die arbeiders. Die werkers in hierdie twee beroepsgroepe se salarisse is dan ook heelwat hoër as dié van die arbeiders.

In die geheel gesien, blyk dat die salarisse van die verskillende beroepsgroepe oor die algemeen in ooreenstemming is met die kwalifikasiepeil van die persone en die aard van die werk wat deur hulle gedoen word. In die geval van die besturende, uitvoerende en administratiewe werkers, is die kwalifikasiepeil van die groep egter laer as wat verwag kan word, veral as hulle salaris en die aard van die werk wat hulle doen in aanmerking geneem word. Die relatiewe klein getal persone in die beroepsgroep maak dit egter moeilik om enige geldige afleidings te maak.

In tabel 3.6 word die aard van die naskoolse kwalifikasies waarvoor die werkendes beskik, aangetoon. Die 95 werkendes wat naskoolse kwalifikasies behaal het, beskik gesamentlik oor 101 kwalifikasies. Sowat 32 persent van die naskoolse kwalifikasies is tegniese sertifikate, sowat 22 persent is onderwysdiplomas, sowat 16 persent is ambagsertifikate in die boubedryf en sowat 13 persent van die getal kwalifikasies is universiteitsgrade.

TABEL 3.6  
NASKOOLSE KWALIFIKASIES DEUR WERKENDES BEHAAL

Aard van naskoolse kwalifikasie	N	%
<u>Tegniese sertifikate</u>		
NTS I en/of II	14	13,9
NTS III	13	12,9
NTS IV	3	3,0
NTS V	2	2,0
<u>Diplomas</u>		
Onderwys	22	21,8
Rekeningkundig	3	3,0
Teologies	2	2,0
Tegnies	3	3,0
<u>Universiteitsgrade</u>		
B-graad	10	9,9
Hons. B-graad	1	1,0
M- en/of D-graad	2	2,0
<u>Ambagsertifikate</u>		
Boubedryf	16	15,8
Elektries	1	1,0
Werktuigkundig	3	3,0
Metaal- en ingenieursbedryf	1	1,0
Drukkersbedryf	1	1,0
Tekstiel- en klerebedryf	1	1,0
Voedselbedryf	2	2,0
Diensberoepe (bv. skoenmaker)	1	1,0
TOTAAL (getal kwalifikasies)	101	100

### 3.2 ARBEIDSOMSET EN AFWESIGHEID

Arbeidsomset beteken vir enige onderneming in 'n meerdere of mindere mate 'n verlies aan produksie. Aan elke werker, hoe gering die taak wat hy verrig ook al mag wees, moet 'n mate van indiensopleiding gegee word voordat hy sy optimale produksievermoë kan bereik. Wanneer so 'n werker die diens van die onderneming verlaat en hy deur 'n ander werker vervang moet word, beteken dit dat die proses van opleiding en oriëntasie weer deurgegaan moet word met 'n gevolglike verlies aan produksie. Daar kan dus aanvaar word dat elke onderneming daarna sal streef om sy arbeidsomset so laag as moontlik te hou. In tabelle 3.7 en 3.8 word 'n beeld van die arbeidsomset van die werkendes gegee. Uit tabel 3.7 blyk dat van die 609 werkendes wat voorheen by 'n ander werkgewer as hulle huidige gewerk het, 18,2 persent die diens van daardie werkgewer binne een jaar verlaat het. Meer as die helfte (51,9%) het minder as drie jaar by hulle vorige werkgewer gewerk. By gebrek aan vergelykbare syfers is dit moeilik om te bepaal of 'n arbeidsomset van hierdie omvang laag, gemiddeld of hoog is. Wat egter wel aanvaar kan word, is dat so 'n arbeidsomset noodwendig 'n las op die indiensopleidingsprogram van werkgewers plaas.

TABEL 3.7

#### TYDPERK BY VORIGE WERKGEWER IN DIENS

Tydperk in vorige werk	N	%
< 1 j.	111	18,2
1 j. - 2 j. 11 mde.	205	33,7
3 j. - 4 j. 11 mde.	99	16,3
5 j. - 6 j. 11 mde.	61	10,0
7 j. - 9 j. 11 mde.	37	6,1
10 j. - 14 j. 11 mde.	33	5,4
15 j. - 19 j. 11 mde.	9	1,5
20 j. en meer	12	2,0
Nie aangetoon nie	42	6,9
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>609</b>	<b>100</b>
Het nie voorheen gewerk nie	155	
<b>GROOTTOTAAL</b>	<b>764</b>	



In tabel 3.8 word die getal werkgewers wat die werkendes gedurende die 2-jaartydperk wat die ondersoek vooraf gegaan het, gehad het, volgens beroep ontleed. Dit blyk dat die arbeidsomset by nie-gesertifiseerde ambagsmanne en by arbeiders die hoogste was. Sowat 'n derde van die arbeiders het gedurende die 2-jaartydperk twee werkgewers gehad en 10 persent het drie of meer werkgewers gehad. By die beroepe waaraan daar 'n hoër salaris verbonde is en waarvan die bekleërs meer geskoold is, soos voormanne en toesighouers, professionele, semi-professionele en tegniese beroepe en besturende, uitvoerende en administratiewe werkers, was die arbeidsomset gedurende genoemde tydperk relatief laag.

Die getal werkendes wat aangetoon het dat hulle om een of ander rede 'n ander werk soek, is ook 'n goeie aanduiding van die omvang van arbeidsomset wat verwag kan word. Die werkendes se antwoorde op die vraag of hulle 'n ander werk soek, al dan nie, word in tabel 3.9 aangetoon, en die redes vir hulle antwoorde verskyn in tabel 3.10. Dit blyk dat 27,1 persent van die totale groep 'n ander werk soek. Dit is veral die beoefenaars van laer geskoolde en besoldigde beroepe soos nie-gesertifiseerde ' ambagsmanne, arbeiders en operateurs en halfgeskoolde werkers wat 'n ander werk soek (onderskeidelik 54,4%, 38,1% en 32%). Van die professionele, semi-professionele en tegniese beroepe, wat die hoogs geskoolde beroepsgroep is en waarvan die beoefenaars relatiewe hoë salarisse ontvang, soek slegs 9,3 persent 'n ander werk. Van die 207 werkendes wat 'n ander werk soek, het die helfte (50,7%) dan ook aangetoon dat hulle 'n hoër salaris verlang en daarom 'n ander werk soek. 'n Verdere 10 persent het 'n hoër salaris en beter vooruitsigte as rede genoem. Besoldiging speel dus die belangrikste rol by die meeste persone se besluit om 'n ander werk te soek. Sowat twee-derdes (68,2%) van diegene wat nie 'n ander werk soek nie het as rede genoem dat hulle met hulle huidige werk tevrede is.

Die 28 ondernemings wat in die tweede fase van die veldwerk vir hierdie ondersoek ingesluit is, is versoek om aan te toon wat hulle arbeidsomset is. Slegs drie van hierdie 28 werkgewers het aangetoon dat hulle arbeidsomset laag is, terwyl die res hulle arbeidsomset as hoog beskou. Die meeste werkgewers kon nie spesifieke syfers verstrek om die omvang van die arbeidsomset aan te toon nie en die syfers wat wel deur 20 van die werkgewers verstrek is, het dus eerder op ramings berus. Die gemiddelde beraamde arbeidsomset van hierdie 20 ondernemings is 70 persent per jaar. Hierdie syfer moet egter met versigtigheid geïnterpreteer word aangesien die betrokke ondernemings se ramings hoofsaaklik op die omset van hulle arbeiders berus. Ses van die werkgewers het byvoorbeeld aangetoon dat die omset van

TABEL 3.8  
GETAL WERKGEWERS WAT WERKENDES VORIDE TWEE JAAR GEHAD HET VOLGENDE BEROEP

Beroepsgroep	Getal werkgewers											Totaal		
	1		2		3		4		5 en meer		Nie aangetoon		N	%
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
Professionele, semi-professionele en tegniese beroepe	49	90,7	4	7,4							1	1,9	54	7,1
Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers	12	85,7	2	14,3									14	1,8
Klerke	55	74,3	17	23,0	2	2,7							74	9,7
Verkoops- en verwante werkers	28	70,0	9	22,5	2	5,0					1	2,5	40	5,2
Vervoer, aflewering en kommunikasie	62	71,3	18	20,7	3	3,4	2	2,3			2	2,3	87	11,4
Dienswerkers	23	71,9	6	18,6	1	3,1	2	6,3					32	4,2
Ambagsmanne en vakleerlinge	102	68,5	33	22,1	9	6,0	3	2,0			2	1,3	149	19,5
Nie-gesertifiseerde ambagsmanne	5	45,5	5	45,5			1	9,1					11	1,4
Voormanne en toesighouers	16	100,0											16	2,1
Operateurs en halfgeskoolde werkers	88	70,4	31	24,8	4	3,2	1	0,8			1	0,8	125	16,4
Arbeiders	84	54,2	51	32,9	10	6,5	2	1,3	4	2,6	4	2,6	155	20,3
Nie aangetoon nie	4	57,1									3	42,9	7	0,9
TOTAAL	528	69,1	175	23,0	31	4,1	11	1,4	4	0,5	14	1,8	764	100

TABEL 3.9

ANTWOORDE VAN WERKENDES OF HULLE ANDER WERK SOEK VOLGENS BEROEP

12	11,1			2	14,3	12	16,2	7	17,5	7	17,5	11	12,6	4	12,5	2	6,3	16	10,7
13	11,1			3	21,4	10	13,5	4	10,0	4	10,0	14	16,1	4	12,5	4	12,5	18	12,1
14	13,0			3	21,4	8	10,8	9	22,5	2	2,3	14	16,1	4	12,5	3	9,4	21	14,8
15	24,1			4	28,6	9	12,2	4	10,0	1	2,5	5	5,7	3	9,4	5	15,6	22	14,8
16	7,4			7	8,2	5	6,8	2	5,0	2	2,3	2	2,3	6	18,8	6	18,8	11	7,4
17	7,4			1	1,4	1	1,4											15	10,1
18	1,9																		
TOTAAL	54	100	14	100	74	100	40	100	87	100	32	100	149	100					
% negatief (indeks 1-9)	14,8			14,3	12,2	12,5	10,3											12,5	16,1
% positief (indeks 10-18)	85,2			85,7	87,8	87,5	89,7											87,5	83,9
Indeksgemiddelde	12,9			13,1	12,8	12,5	12,1											12,8	12,0

(Vervolg)

TABEL 5.3 (VERVOLG)

Werkgesindeheidsindeks	Beroepsgroep												Totaal				
	Niet-geser= tificerende ambagsman= nie			Voormanne en toe= sighouers			Operateurs en halfge= skoolde werkers			Arbeiders			WerkLoses			Nie aange= toon	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N
1				1	0,8											1	0,1
2								1	0,7			1	0,6			3	0,3
3								2	1,3							5	0,5
4								4	2,6			5	3,0			13	1,4
5						3	2,4									8	0,9
6						3	2,4									9	1,0
7						2	1,6									17	1,8
8						5	4,0									37	4,0
9						8	6,4									58	6,2
10				1	9,1	1	6,3									85	9,2
11				2	18,2	2	12,5	9	7,2	14	9,0	22	13,3	1	14,3	115	12,4
12				2	18,2	2	12,5	17	13,6	22	14,2	29	17,6	2	28,6	139	15,0
13				3	27,3	2	16,8	15	12,0	18	11,6	31	18,8			122	13,1
14				1	9,1	2	12,5	21	16,8	29	18,7	22	13,3	1	14,3	87	9,4
15				1	9,1	3	18,9	14	11,2	3	1,9	9	5,5	1	14,3	62	6,7
16				1	9,1	1	6,3	6	4,8	6	3,9	1	0,6			16	1,7
17																3	0,3
18																	
TOTAAL	11	100	16	100	125	100	155	100	165	100	7	100	929	100			
% negatief (indeks 1-9)	18,2		6,3		17,6		24,5		15,8		14,3		16,2				
% positief (indeks 10-18)	81,8		93,7		82,4		75,5		84,2		85,7		83,8				
Indeksgemiddelde	11,8		13,2		11,9		11,2		11,6		11,7		12,0				

TABEL 6.4

## BELANGRIKHEID VAN WERKASPEKTE BY DIE KEUSE VAN 'N WERK

Werkaspekte		Belangrikheid			To= taal
		Be= lang= rik	On= seker	Nie be= langrik nie	
'n Werk wat goeie vorderingsge-	N	869	16	41	926
leenthede het	%	93,8	1,7	4,4	100
'n Werk met baie vrye tyd	N	404	126	396	926
	%	43,6	13,6	42,8	100
'n Werk met 'n goeie loon/salaris	N	913	5	8	926
	%	98,6	0,5	0,9	100
'n Werk waarin nie baie liggaams= krag gebruik word nie	N	296	125	505	926
	%	32,0	13,5	54,5	100
'n Werk van roetine-aard (Die= selfde werk oor en oor)	N	278	115	533	926
	%	30,0	12,4	57,6	100
'n Werk waar 'n mens in die buite= lug werk	N	341	101	484	926
	%	36,8	10,9	52,3	100
'n Werk met sekuriteit	N	899	14	13	926
	%	97,1	1,5	1,4	100
'n Werk waar nie skofte gewerk moet word nie	N	437	102	387	926
	%	47,2	11,0	41,8	100
'n Werk waar nie Saterdag gewerk moet word nie	N	319	90	517	926
	%	34,4	9,7	55,8	100
'n Werk waar 'n mens gesê word presies wat om te doen	N	557	70	299	926
	%	60,2	7,6	32,3	100
'n Werk waar 'n mens die kans kry om nuwe dinge te leer	N	851	21	54	926
	%	91,9	2,3	5,8	100
'n Skoon werk	N	566	63	297	926
	%	61,1	6,8	32,1	100
'n Werk wat status het (belangrik is)	N	729	46	151	926
	%	78,7	5,0	16,3	100
'n Werk waar nie Sondae gewerk moet word nie	N	523	69	334	926
	%	56,5	7,5	36,1	100
'n Werk waarin jy vir jouself dink en self die probleme moet oplos	N	682	108	136	926
	%	73,7	11,7	14,7	100
'n Werk waar jy nie gedurig aange= jaag word nie	N	687	60	179	926
	%	74,2	6,5	19,3	100
'n Werk waar die voorman of toesig= houer 'n Kleurling is	N	331	101	494	926
	%	35,7	10,9	53,3	100
'n Werk waar die werkgewer huis= vesting verskaf	N	656	60	210	926
	%	70,8	6,5	22,7	100

Die ondersoekgroep is ook versoek om uit die lys van aspekte slegs een te kies wat die belangrikste is wanneer 'n werk gekies word. Die antwoorde op hierdie vraag verskyn in tabel 6.5. Hiervolgens blyk dat 'n werk met 'n goeie salaris, 'n werk met sekuriteit, en 'n werk wat goeie vorderingsgeleenthede bied, vir die ondersoekgroep as geheel onderskeidelik die belangrikste, tweede en derde belangrikste is. Dit is opvallend dat alhoewel 'n werk met 'n goeie salaris deur die ondersoekgroep as geheel as die belangrikste beskou word, dit nie vir al die beroepsgroepe geld nie. Dit is veral persone in professionele, semi-professionele en tegniese beroepe, klerke, verkoops- en verwante werkers en voormanne en toesighouers wat heelwat meer waarde heg aan 'n werk met sekuriteit en 'n werk wat goeie vorderingsgeleenthede bied, as aan 'n goeie salaris. Hierdie persone ontvang reeds relatiewe hoë salarisse en om hierdie rede is salaris blykbaar nie vir hulle die belangrikste oorweging nie.

### 6.2.2 Skofwerk

Dertien persent van die ondersoekgroep, wat die werklooses insluit, werk skofte terwyl 25,9 persent in die verlede skofte gewerk het (kyk tabel 6.6). As die werklooses buite rekening gelaat word, beteken dit dat 15,8 persent van die 764 werkendes skofte werk. Sestig persent van die ondersoekgroep het nog nooit skofte gewerk nie.

Dit is hoofsaaklik dienswerkers (46,9%), operateurs en halfgeskoolde werkers (36,8%), en vervoer-, aflewering- en kommunikasiewerkers (25,3%), wat skofte werk. Van die 121 persone wat skofte werk, het 95 (78,5%) aangetoon dat hulle daarvan hou (tabel 6.7). Finansiële oorwegings en die meer vrye tyd wat hulle as gevolg van die skofwerk geniet, blyk die belangrikste redes te wees waarom hulle daarvan hou. Die meeste persone wat nie van skofwerk hou nie, vind dit te vermoeiend en ongerieflik of vind dat dit met hulle huislike en sosiale aktiwiteite inmeng. Van die 803 persone wat nie skofte werk nie, is 359 (44,7%) glad nie bereid om dit te doen nie (tabel 6.8). Die redes vir hulle antwoorde word in tabel 6.9 aangetoon. Die grootste en tweede grootste enkele groepe se redes is van 'n betreklik algemene aard, te wete hulle hou nie van skofwerk nie (23,1%) en hulle wil nie snags werk nie maar verkies gewone werkure (16,7%). Die 60 persone wat ook 'n tweede rede verstrekket, se belangrikste rede is in breë trekke dieselfde as dié wat aangevoer is deur diegene wat wel skofte werk maar nie daarvan hou nie, te wete skofwerk is te vermoeiend en ongerieflik en dit meng in met hulle huislike en sosiale aktiwiteite en sport.

TABEL 6.5  
BELANGRIJKSTE ASPEK WANNEER 'N WERK GEKIES WORD VOLGENS BEROEP

Belangrikste aspek	Beroepsgroep																					
	Professionele, semi-profes= sionele, en tegniese be= roepe			Besturende, uitvoerende, en admini= stratielwe werkers			Klerke			Verkoops= en ver= wante werkers			Vervoer, aflerwing en Kom= munikasie			Diens= werkers			Ambagsman= ne en vak= leerlinge			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
in Werk wat goeie vorderingsgeleenthede het	18	33,3	1	7,1	22	29,7	7	17,5	14	16,1	6	18,8	29	19,5								
in Werk met baie vrye tyd	2	3,7																				
in Werk met 'n goeie loon/salaris	7	13,0	6	42,9	15	20,3	9	22,5	25	28,7	11	34,4	52	34,9								
in Werk waarin nie baie liggaamkrag gebruik word nie																						
in Werk van roetine-aard (Dieselfde werk oor en oor)																						
in Werk waar 'n mens in die buitelig werk	11	20,4	4	28,6	24	32,4	15	37,5	26	29,9	7	21,9	35	23,5								
in Werk met sekuriteit																						
in Werk waar nie skofte gewerk moet word nie	1	1,9			1	1,4	1	2,5														
in Werk waar nie Saterdag gewerk moet word nie																						
in Werk waar 'n mens gesê word presies wat om te doen																						
in Werk waar 'n mens die kans kry om nuwe dinge te leer	2	3,7			3	7,5	3	7,5	1	1,1	1	3,1	7	4,7								
in Skoon werk																						
in Werk wat status het (belangrik is)																						
in Werk waar nie Sondae gewerk moet word nie	6	11,1			2	2,7	2	5,0	1	1,1	3	4,1	2	1,3								
in Werk waarin jy jouself moet dink en self die probleme moet oplos																						
in Werk waar jy nie gedurig aangejaag word nie	1	1,9			1	1,4	1	2,5	1	1,1	1	3,1	1	0,7								
in Werk waar die voorman of toesighouer in Kleurling is	1	1,9	2	14,3			1	2,5	12	13,8	5	15,6	12	8,1								
in Werk waar die werkgewer huisvesting verskaf	5	9,3	1	7,1	6	8,1	1	2,5	4	4,5	4	4,5	5	3,4								
Nie aangetoon nie	54	100	14	100	74	100	40	100	87	100	32	100	149	100								
TOTAAL																						

(Vervolg)

TABEL 6.5 (VERVOLG)

Belangrikste aspek	Beroepsgroep												Totaal					
	Nie-gesertifiseerde ambagsmanne			Voormanne en toesighouers			Operateurs en halfge-skoolde werkers			Arbeiders			Werklooses		Nie aange-toon		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
n Werk wat goeie vorderingsgeleenthede het	1	9,1	5	31,3	31	24,8	14	9,0	34	20,6	3	42,9	185	19,9				
n Werk met baie vrye tyd					1	0,8	1	0,7					6	0,6				
n Werk met n goeie loon/salaris	7	63,6			38	30,4	69	44,5	61	37,0	2	28,6	302	32,5				
n Werk waarin nie baie liggaamskrag gebruik word nie									1	0,6			2	0,2				
n Werk van roetine-aard (Dieselfde werk oor en oor)													2	0,2				
n Werk waar n mens in die buitelug werk									2	1,2			2	0,2				
n Werk met sekuriteit	1	9,1	4	25,0	33	26,4	25	16,1	29	17,6			214	23,0				
n Werk waar nie skofte gewerk moet word nie					1	0,8	3	1,9					5	0,5				
n Werk waar nie Saterdag gewerk moet word nie													4	0,4				
n Werk waar n mens gesê word presies wat om te doen							1	0,7					1	0,1				
n Werk waar n mens die kans kry om nuwe dinge te leer	1	9,1	3	18,9	5	4,0	3	1,9	5	3,0	1	14,3	32	3,4				
n Skoon werk									1	0,6			3	0,3				
n Werk wat status het (belangrik is)									5	3,2	1	0,6	11	1,2				
n Werk waar nie Sondag gewerk moet word nie																		
n Werk waarin jy vir jouself moet dink en self die probleme moet oplos																		
n Werk waar jy nie gedurig aangejaag word nie																		
n Werk waar die voorman of toesighouer n Klaurling is					2	1,6	1	0,7	1	0,6			4	0,4				
n Werk waar die werkgewer huisvesting verskaf	1	9,1	1	6,3	8	6,4	27	17,4	21	12,7			8	0,9				
Nie aangetoon nie	2	12,5	4	3,2	3	1,9	7	4,2	1	14,3			39	4,2				
TOTAAL	11	100	16	100	125	100	155	100	165	100	7	100	929	100				



TABEL 6.6

## ANTWOORDE VAN ONDERSOEKGROEP OF HULLE SKOFTE WERK

Beroepsgroep	Werk skofte				Totaal	
	Ja, tans	Ja, in ver= lede	Nee, nog nooit	Nie aan= getoon		
	N	N	N	N	N	%
Professionele, semi-professionele en tegniese beroepe	N 2 % 3,7	4 7,4	48 88,9		54 100	5,8 %
Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers	N %	4 28,6	10 71,4		14 100	1,5 %
Klerke	N 4 % 5,4	16 21,6	54 73,0		74 100	8,0 %
Verkoops- en verwante werkers	N 3 % 7,5	9 22,5	27 67,5	1 2,5	40 100	4,3 %
Vervoer, aflewering en kommunikasie	N 22 % 25,3	27 31,0	37 42,5	1 1,1	87 100	9,4 %
Dienswerkers	N 15 % 46,9	6 18,8	11 34,4		32 100	3,4 %
Ambagsmanne en vakleerlinge	N 12 % 8,1	31 20,8	106 71,1		149 100	16,0 %
Nie-gesertifiseerde ambagsmanne	N 1 % 9,1	2 18,2	7 63,6	1 9,1	11 100	1,2 %
Voormanne en toesighouers	N 2 % 12,5	2 12,5	12 75,0		16 100	1,7 %
Operateurs en halfgeeskoolde werkers	N 46 % 36,8	23 18,4	55 44,0	1 0,8	125 100	13,5 %
Arbeiders	N 13 % 8,4	50 32,3	92 59,4		155 100	16,7 %
Werkloses	N %	66 40,0	98 59,4	1 0,6	165 100	17,8 %
Nie aangetoon nie	N 1 % 14,3	1 14,3	5 71,4		7 100	0,8 %
TOTAAL	N 121 % 13,0	241 25,9	562 60,5	5 0,5	929 100	100 %

TABEL 6.7

ANTWOORDE VAN PERSONE WAT SKOFTE WERK OF HULLE DAARVAN HOU  
EN REDES

Redes	N	%
(a) <u>Hou daarvan</u>		
Verdien meer geld	28	23,1
Het meer vrye tyd/kry tyd af	28	23,1
Is gewoon daaraan	24	19,8
Doen dit omdat werkgewer dit verlang	8	6,6
Hou mens snags uit die moeilikheid	4	3,3
Geen rede verstrekk nie	3	2,5
SUBTOTAAL	95	78,5
(b) <u>Hou nie daarvan nie</u>		
Is te vermoeiend/ongerieflik	10	8,3
Meng in met huislike/sosiale aktiwiteite	10	8,3
Hou nie daarvan nie (geen besondere rede)	6	5,0
SUBTOTAAL	26	21,5
GROOTTOTAAL	121	100

TABEL 6.8

BEREIDWILLIGHEID VAN PERSONE WAT NIE SKOFTE WERK NIE OM DIT TE  
DOEN

Bereidwilligheid	N	%
Nee, onder geen omstandighede nie	359	44,7
Sal dit oorweeg onder sekere voorwaardes	209	26,0
Ja, is bereid	235	29,3
TOTAAL	803	100


TABEL 6,9

## REDES WAAROM NIE SKOFWERK WIL DOEN NIE

Redes	Eerste rede		Tweede rede	
	N	%	N	%
Hou nie van skofwerk (geen besondere rede)	83	23,1	4	6,7
Wil nie snags werk/ver kies gewone ure	60	16,7	6	10,0
Nie goed vir gesondheid/is te oud	50	13,9	7	11,7
Meng in met huislike aktiwiteite	40	11,1	10	16,7
Te vermoeiend/ongerieflik	33	9,2	13	21,7
Onveilig vir gesin alleen in nag	24	6,7	7	11,7
Is nie gewoon daaraan nie	20	5,6	2	3,3
Doen kerkwerk in aande	14	3,9	1	1,7
Meng in met sosiale aktiwiteite/sport	13	3,6	8	13,3
Wil naweke en saans vry wees	6	1,7	1	1,7
Ekstra geld is nie die moeite werd nie	5	1,4	1	1,7
Geen rede verstrekk nie	11	3,1		
TOTAAL	359	100	60	100

Die 444 persone wat wel bereid is om skofwerk te doen, is versoek om aan te toon onder watter voorwaardes hulle daartoe bereid sal wees. Byna die helfte (48%) het as eerste voorwaarde gestel dat hulle 'n hoër loon of oortydbetaling moet ontvang (tabel 6.10). As tweede belangrikste voorwaarde is gestel dat die tye van die skofte moet wissel of dat die tye redelik of aanvaarbaar moet wees. Bogenoemde twee voorwaardes is ook deur diegene wat 'n tweede voorwaarde gestel het, as die belangrikste voorwaardes genoem.

Van die 28 ondernemings wat in die tweede fase van die ondersoek betrek is, doen nege skofwerk. Van hierdie nege werkgewers het vier aangetoon dat hulle soms probleme met skofwerk ondervind. Die mees algemene probleem is ontoereikende vervoergeriewe en die veiligheid van werkers wat nagskofte moet werk. Voorbeelde is genoem van skofwerkers wat aangerand en van hulle salarisse beroof is wanneer hulle veral snags van die werk af kom. Slegs twee werkgewers het aangetoon dat afwesigheid van werk 'n probleem is. Een onderneming het gevind dat afwesigheid aanmerklik gedaal het nadat daar van drie na vier skofte per 24 uur oorgeskakel is.



TABEL 6.10

VOORWAARDES WAARONDER PERSONE WAT NIE SKOFTE WERK NIE BEREID IS OM DIT TE DOEN

Voorwaardes	Eerste voorwaarde		Tweede voorwaarde	
	N	%	N	%
As hoër loon/oortyd betaal word	213	48,0	46	33,1
Tye van skofte moet wissel/redelik/aanvaarbaar wees	89	20,0	44	31,7
Sal dit doen as werkgewer dit vereis	49	11,0	6	4,3
Is bereid (geen besondere voorwaarde)	43	9,7		
Vervoer moet beskikbaar wees	22	5,0	16	11,5
Werk/werksomstandighede moet aangenaam wees	20	4,5	18	12,9
Huisvesting moet naby werk voorsien word	8	1,8	9	6,5
TOTAAL	444	100	139	100

Om die probleem van vervoer en veiligheid te bekamp, vorm die werkers by sommige ondernemings saamryklubs. Werkgevers moedig hierdie gebruik aan en een werkgewer het genoem dat werkers vir 'n bepaalde skof uit dieselfde woongebiede geselekteer word om die reël van gesamentlike vervoer te vergemaklik. Oor die algemeen het die ondernemings waar skofwerk gedoen word, nie probleme om genoeg werkers te kry wat bereid is om skofwerk te doen nie.

### 6.2.3 Werk op Saterdag

Vier-en-dertig persent van die totale ondersoekgroep (of 41,4% van die werkendes) werk op Saterdag en 45,2 persent het in die verlede Saterdag gewerk (tabel 6.11). Dit is hoofsaaklik verkoops- en verwante werkers (77,5%), dienswerkers (75%) en vervoer-, aflewering-, en kommunikasiewerkers (64,4%) wat Saterdag werk.

Van die 316 werkendes wat op Saterdag werk, het 70,9 persent aangetoon dat hulle daarvan hou (tabel 6.12). Die finansiële voordele wat Saterdagwerk inhou, is deur meer as die helfte van laasgenoemde persone as rede aangevoer waarom hulle daarvan hou. Die belangrikste redes wat aangevoer is deur diegene wat nie daarvan hou om Saterdag te werk nie, is dat hulle naweke vry wil wees en dat dit met hulle huislike, sosiale en sportaktiwiteite inmeng.

TABEL 6.11

## ANTWOORDE VAN ONDERSOEKGROEP OF HULLE SATERDAE WERK

Beroepsgroep	Werk Saterdag				Totaal	
	Ja, tans	Ja, ver= lede	Nee, nog nooit	Nie aan= getoon		
	N	N	N	N	N	%
Professionele, semi-professionele en tegniese beroepe	N 11 % 20,4	17 31,5	26 48,1		54 100	5,8
Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers	N 8 % 57,1	2 14,3	4 28,6		14 100	1,5
Klerke	N 25 % 33,8	31 41,9	18 24,3		74 100	8,0
Verkoops- en verwante werkers	N 31 % 77,5	4 10,0	5 12,5		40 100	4,3
Vervoer, aflewering en kommunikasie	N 56 % 64,4	26 29,9	5 5,8		87 100	9,4
Dienswerkers	N 24 % 75,0	7 21,9	1 3,1		32 100	3,4
Ambagsmanne en vakleerlinge	N 37 % 24,8	78 52,3	33 22,1	1 0,7	149 100	16,0
Nie-gesertifiseerde ambagsmanne	N 6 % 54,5	5 45,5			11 100	1,2
Voormanne en toesig-houers	N 5 % 31,3	7 43,8	4 25,0		16 100	1,7
Operateurs en halfgeeskolde werkers	N 54 % 43,2	51 40,8	20 16,0		125 100	13,5
Arbeiders	N 57 % 36,8	74 47,7	24 15,5		155 100	16,7
Werkloses	N %	116 70,3	46 27,9	3 1,8	165 100	17,8
Nie aangetoon nie	N 2 % 28,6	2 28,6	3 42,9		7 100	0,8
TOTAAL	N 316 % 34,0	420 45,2	189 20,3	4 0,4	929 100	

TABEL 6.12

## ANTWOORDE VAN PERSONE WAT SATERDAE WERK OF HULLE DAARVAN HOU EN REDES

Redes	N	%
(a) <u>Hou daarvan</u>		
Verdien meer geld	124	39,2
Beskou dit as gewone werkdag/gewoond daaraan	53	16,8
Doen dit omdat werkgewer dit verlang	27	8,5
Hou mens besig/uit die kwaad uit	20	6,3
SUBTOTAAL	224	70,9
(b) <u>Hou nie daarvan nie</u>		
Wil naweke vry hê	25	7,9
Meng in met huislike aktiwiteite	23	7,3
Meng in met sosiale aktiwiteite en sport	19	6,0
Is te vermoeiend/wil rus	12	3,8
Doen dit slegs omdat werkgewer dit verlang	11	3,5
Saterdag is Sabbatdag	2	0,6
SUBTOTAAL	92	29,1
GROOTTOTAAL	316	100

Van die 609 persone wat nie Saterdag werk nie, het 23 persent aangetoon dat hulle dit onder geen omstandighede sal oorweeg nie (tabel 6.13), en as belangrikste rede is genoem dat dit met hulle huislike of private aktiwiteite sal inmeng (tabel 6.14). Die meeste persone wat 'n tweede rede genoem het, is van mening dat werk op Saterdag op hulle sosiale aktiwiteite en sport sal inbreuk maak. Uit tabel 6.13 blyk egter ook dat 462 van die 609 (75,9%) persone wat nie op Saterdag werk nie, wel daartoe bereid is. Die belangrikste voorwaardes waaronder hulle bereid is (kyk tabel 6.15) is dat aan hulle 'n hoër loon betaal moet word en dat hulle slegs 'n halfdag moet werk, of dat die werkure redelik moet wees.

TABEL 6.13

BEREIDWILLIGHEID VAN PERSONE WAT NIE SATERDAE WERK NIE OM DIT TE DOEN

Bereidwilligheid	N	%
Nee, onder geen omstandighede nie	140	23,0
Sal dit oorweeg onder sekere voorwaardes	172	28,2
Ja, is bereid	290	47,6
Nie aangetoon nie	7	1,1
TOTAAL	609	100

TABEL 6.14

REDES WAAROM NIE SATERDAE WIL WERK NIE

Redes	Eerste rede		Tweede rede	
	N	%	N	%
Meng in met private/huislike aktiwiteite	44	31,4	4	16,7
Wil Saterdag rus	24	17,1	1	4,2
Wil Saterdag vry wees/lewe geniet	20	14,3	3	12,5
Hou nie daarvan (geen besondere rede)	18	12,9		
Meng in met sosiale aktiwiteite/sport	17	12,1	11	45,8
Werk genoeg deur die week	8	5,7	3	12,5
Saterdag is Sabbatdag	5	3,6		
Doen kerkwerk	4	2,9	2	8,3
TOTAAL	140	100	24	100

Twintig van die 28 werkgewers met wie onderhoude gevoer is, het genoem dat sommige van hulle werkers op Saterdag werk. In byna al die gevalle word werk op Saterdag as oortyd beskou en is dit nie al die werkers wat daarby betrek word nie. Met die uitsondering van twee werkgewers word daar nie probleme ondervind om genoeg werkers te vind wat bereid is om Saterdag te werk nie. Vier werkgewers het spesifiek genoem dat hulle werkers gretig is om Saterdag te werk en sodoende oortydbetaling te verdien. Drie werkgewers het egter aangetoon dat slegs 'n geselekteerde groep werkers, wat uit die aard van die saak slegs die bestes insluit, vir werk op Saterdag gebruik word. Slegs vyf van die 20 werkgewers het aangetoon dat werk op Saterdag probleme skep. Vir drie ondernemings skep vervoer vir hulle werkers op Saterdag 'n

probleem, een onderneming se werkers hou nie daarvan nie omdat dit volgens hulle, met hulle sport en huislike aktiwiteite inmeng, en een werkgewer was van mening dat produksie op Saterdag heelwat laer as op ander dae is.

TABEL 6.15

VOORWAARDES WAARONDER EN REDES WAAROM PERSONE WAT NIE SATERDAE WERK NIE BEREID IS OM DIT TE DOEN

Voorwaardes waaronder en redes waarom bereid	Eerste voorwaarde		Tweede voorwaarde	
	N	%	N	%
As hoër loon betaal word	289	62,6	44	35,2
Mits dit halfdag/redelike ure is	54	11,7	40	32,0
Is bereid (geen besondere voorwaarde)	48	10,4		
As werkgewer dit vereis/werk dringend is	44	9,5	11	8,8
Mits dit nie elke Saterdag is nie	12	2,6	5	4,0
Hou mens uit die moeilikheid	12	2,6	8	6,4
Mits vervoer verskaf word	2	0,4	4	3,2
As dit 'n goeie/beter werk is	1	0,2	10	8,0
As tyd gedurende week afkry			3	2,4
TOTAAL	462	100	125	100

#### 6.2.4 Werk op Sondae

Uit tabel 6.16 blyk dat slegs 13,8 persent van die totale ondersoekgroep (of 16,8% van die werkendes) op Sondae werk en dat 57,6 persent nog nooit Sondae gewerk het nie. Die helfte van die dienswerkers wat aan die ondersoek deelgeneem het en sowat 'n kwart van die vervoer-, aflewering- en kommunikasiewerkers en die operateurs en halfgeskoolde werkers werk Sondae.

Van die 128 persone wat Sondae werk, het 83 (64,8%) aangetoon dat hulle daarvan hou (tabel 6.17) en vir sowat die helfte van hierdie persone is die feit dat hulle meer geld daardeur verdien, die belangrikste rede. Godsdienstige redes en die mening dat Sondag 'n rusdag is, is as die belangrikste redes aangevoer deur diegene wat nie daarvan hou om Sondae te werk nie.

Van die 796 persone wat nie Sondae werk nie, is 474 (59,5%) onder geen omstandighede bereid om dit te doen nie (tabel 6.18). Ook hierdie persone het godsdienstige redes, Sondag as rusdag of 'n dag vir ontspanning en 'n dag om by familie en vriende deur te bring, as die belangrikste redes vir hulle



TABEL 6.16  
 ANTWOORDE VAN ONDERSOEKGROEP OF HULLE SONDAE WERK

Beroepsgroep	Werk Sondae				Totaal	
	Ja, tans	Ja, in verlede	Nee, nog nooit	Nie aangetoon		
	N	N	N	N	N	%
Professionele, semi-professionele en tegniese beroepe	N 5 % 9,3	3 5,6	46 85,2		54 100	5,8 8
Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers	N 3 % 21,4	2 14,3	9 64,3		14 100	1,5 5
Klerke	N 4 % 5,4	20 27,0	50 67,6		74 100	8,0 0
Verkoops- en verwante werkers	N 6 % 15,0	6 15,0	28 70,0		40 100	4,3 3
Vervoer, aflewering en kommunikasie	N 22 % 25,3	30 34,5	35 40,2		87 100	9,4 4
Dienswerkers	N 16 % 50,0	7 21,9	9 28,1		32 100	3,4 7
Ambagsmanne en vakleerlinge	N 16 % 10,7	42 28,2	91 61,1		149 100	16,0 0
Nie-gesertifiseerde ambagsmanne	N 2 % 18,2	4 36,4	5 45,5		11 100	1,2 2
Voormanne en toesighouers	N 3 % 18,8	2 12,5	11 68,8		16 100	1,7 7
Operateurs en halfgeeskoolde werkers	N 30 % 24,0	32 25,6	63 50,4		125 100	13,5 5
Arbeiders	N 21 % 13,5	53 34,2	79 51,0	2 1,3	155 100	16,7 7
Werkloos	N %	58 35,2	104 63,0	3 1,8	165 100	17,8 8
Nie aangetoon nie	N %	2 28,6	5 71,4		7 100	0,8 8
TOTAAL	N 128 % 13,8	261 28,1	535 57,6	5 0,5	929 100	100 0

nie-bereidwilligheid om Sondae te werk, aangevoer (tabel 6.19). Die meeste persone wat wel bereid is om Sondae te werk, het aangetoon dat hulle dit slegs sal doen as hulle 'n hoër loon of oortyd betaal word, of as die werk dringend is en die werkgewer vereis dat daar Sondae gewerk moet word (tabel 6.20). 'n Relatief belangrike tweede voorwaarde wat ook gestel is, is dat dit slegs halfdagwerk moet wees of dat die werkure op Sondae redelik moet wees.

TABEL 6.17

ANTWOORDE VAN PERSONE WAT SONDAE WERK OF HULLE DAARVAN HOU EN REDES

Redes	N	%
<u>(a) Hou daarvan</u>		
Verdien meer geld	41	32,0
Beskou dit as gewone werkdag/is gewoon daaraan	19	14,8
Doen dit omdat werkgewer dit vereis	14	10,9
Dis beter as om ledig te wees	9	7,0
SUBTOTAAL	83	64,8
<u>(b) Hou nie daarvan nie</u>		
Godsdienstige redes	21	16,4
Sondag is rusdag	12	9,4
Meng in met huislike/sosiale aktiwiteite	7	5,5
Wil naweke vry wees	5	3,9
SUBTOTAAL	45	35,2
GROOTTOTAAL	128	100

TABEL 6.18

BEREIDWILLIGHEID VAN PERSONE WAT NIE SONDAE WERK NIE OM DIT TE DOEN

Bereidwilligheid	N	%
Nee, onder geen omstandighede nie	474	59,5
Sal dit oorweeg onder sekere voorwaardes	149	18,7
Ja, is bereid	171	21,5
Nie aangetoon nie	2	0,3
TOTAAL	796	100

TABEL 6.19

## REDES WAAROM NIE BEREID OM SONDAE TE WERK NIE

Redes	Eerste rede		Tweede rede	
	N	%	N	%
Godsdienstige redes	238	50,2	33	21,9
Is rusdag/dag vir ontspanning	142	30,0	74	49,0
Dag vir familie/by vriende te kuier	31	6,5	36	23,8
Nie bereid (geen besondere rede)	31	6,5		
Wil naweke vry wees	18	3,8	3	2,0
Beoefen sport	12	2,5	5	3,3
Is ongerieflik	2	0,4		
TOTAAL	474	100	151	100

TABEL 6.20

## VOORWAARDES WAARONDER EN REDES WAAROM PERSONE WAT NIE SONDAE WERK NIE BEREID IS OM DIT TE DOEN

Voorwaardes waaronder en redes waarom bereid	Eerste voorwaarde		Tweede voorwaarde	
	N	%	N	%
Mits hoër loon/oortyd betaal word	187	58,4	36	43,4
As werkgewer dit vereis/werk dringend is	57	17,8	12	14,5
Is bereid (geen besondere voorwaarde)	25	7,8		
Mits dit halfdag/redelike ure is	22	6,9	21	25,3
Mits dit nie elke Sondag is nie	18	5,6	4	4,8
Mits tyd vir kerkbywoning afkry	5	1,6	3	3,6
Dit is beter as om ledig te wees	4	1,3	4	4,8
Mits vervoer beskikbaar is	2	0,6	3	3,6
TOTAAL	320	100	83	100

Tien van die 28 ondernemings wat in die ondersoek betrek is, se werkers werk soms Sondag, en in die meeste gevalle is dit slegs geselekteerde groepe wat werk en word dit as oortyd gereken. Slegs drie werkgewers het genoem dat werk op Sondag probleme skep. In twee van die gevalle is vervoer die belangrikste probleem en een werkgewer het afwesigheid as probleem genoem. Oor die algemeen ondervind die werkgewers blykbaar nie probleme om werkers te kry wat bereid is om Sondag te werk nie.

Uit die voorgaande gedeeltes kan die afleiding gemaak word dat die Kleurlingwerker in 'n groot mate positief teenoor werk ingestel is. Dit blyk egter duidelik dat die hoër geskoolde werkers meer positief teenoor werk ingestel is as die laer geskoolde werkers. Laasgenoemde werkers heg ook meer waarde aan 'n goeie salaris terwyl die hoër geskoolde werkers meer waarde heg aan 'n werk met sekuriteit en goeie vorderingsgeleentehede, waarskynlik omdat hulle reeds 'n bevredigende salaris ontvang. Werkgewers behoort nie probleme te ondervind om werkers te kry wat bereid is om skofwerk te doen of naweke te werk nie, mits hulle bereid is om die hoër loon wat oor die algemeen vir hierdie soort werk verlang word, te betaal. Dit sal werkgewers ook loon om hulle werkure tydens skofte en naweke so te reël dat dit vir die werkers aanneemlik is.

## HOOFSTUK 7

### BEOORDELING VAN WERKNEMERS DEUR WERKGEWERS

Die 28 werkgewers wat in die tweede fase van die ondersoek betrek is, is versoek om hulle Kleurling-, Blanke en Bantoewerkers te beoordeel. Die beoordeling van laasgenoemde twee volksgroepe word slegs vir vergelykingsdoeleindes gebruik. Die werkers is op 10 polêre aspekte beoordeel en die beoordeling van elke aspek is volgens 'n 5-punt semantiese differensiaalskaal gedoen. Die 10 aspekte is, in die volgorde wat dit op die vraelys (Bylae C) verskyn, die volgende:

beleef - onbeleef  
hardwerkend - lui  
intelligent - dom  
vaardig - onhandig  
lojaal - dislojaal  
eerlik - oneerlik  
vinnig - stadig  
verantwoordelik - onverantwoordelik  
bekwaam - onbekwaam  
opleibaar - onopleibaar.

Die beoordeling op die 5-puntskaal is tot 'n enkele syfer gereduseer deur 'n progressiewe waarde aan elke posisie op die skaal toe te ken, wisselende van 1 punt vir die mees negatiewe posisie tot 5 punte vir die mees positiewe posisie op die skaal. Hiervolgens beteken die toekenning van 3 punte vir 'n aspek 'n neutrale beoordeling van daardie besondere aspek.

In tabel 7.1 word die gemiddelde beoordeling van die drie volksgroepe aangetoon en in figuur 7.1 word die verskille tussen die groepe grafies voorgestel. Dit blyk dat die Kleurlinge op al die aspekte swakker as die Blankes beoordeel word. Die Kleurlingwerkers, daarenteen, word op vyf van die aspekte, te wete intelligensie, vaardigheid, spoed, bekwaamheid en opleibaarheid, beter as die Bantoewerkers beoordeel. Die Bantoewerkers word egter as beleefder, hardwerkender, lojaler, eerliker en verantwoordeliker as die Kleurlinge beskou. Daar moet op gelet word dat die verskille in puntetelling tussen die Kleurlinge en Bantoes in die meeste gevalle minder as 1 is. Slegs in die geval van eerlikheid is die verskil in puntetelling meer as 1 ten gunste van die Bantoes. Die Kleurlinge is slegs op twee aspekte, te wete hardwerkendheid en eerlikheid laer as die gemiddelde telling van 3 punte beoordeel, en die Bantoes is op drie aspekte, te wete intelligensie, vaardigheid en spoed, laer as die gemiddelde beoordeel. Wanneer daar op die gemiddelde be-

oordeling van al die aspekte gesamentlik gelet word, blyk egter dat daar feitlik geen verskil tussen die Kleurling- en Bantoe- werkers is nie (onderskeidelik 3,3 en 3,4).

TABEL 7.1


GEMIDDELDE BEOORDELING VAN BLANKE, KLEURLING- EN BANTOEWERKERS DEUR WERKGEWERS

Eienskap	Gemiddelde telling		
	Blankes	Kleur- linge	Bantoes
Beleef - onbeleef	3,8	3,4	4,0
Hardwerkend - lui	3,3	2,9	3,6
Intelligent - dom	4,1	3,4	2,6
Vaardig - onhandig	4,1	3,4	2,9
Lojaal - dislojaal	4,0	3,5	4,3
Eerlik - oneerlik	4,0	2,6	3,7
Vinnig - stadig	3,9	3,3	2,5
Verantwoordelik - onverantwoordelik	4,1	3,0	3,6
Bekwaam - onbekwaam	3,9	3,4	3,0
Opleibaar - onopleibaar	4,5	4,2	3,7
TOTAAL : GEMIDDELDE	4,0	3,3	3,4

Aanvullende inligting oor die werkgewers se beoordeling van hulle werkers is verkry uit die vraag of daar spesifieke soort werk is waarvoor die Kleurlinge en Bantoes minder geskik is (vraag 23 in Bylae B). Dit is opvallend dat daar heelwat meningsverskil bestaan oor die vraag of die Kleurling vir swaar fisiese arbeid geskik is, al dan nie. Dertien van die 28 werkgewers was van mening dat die Kleurling minder geskik is vir hierdie soort werk, terwyl die res van die werkgewers egter van mening is dat die Kleurling wel geskik is om sodanige werk te doen en dat hulle geen probleme in hierdie verband ondervind nie. Twee van laasgenoemde groep werkgewers het egter wel genoem dat hulle ervaring was dat die Kleurling nie van vuil en eentonige werk hou nie. Veral die werkgewers wat die Kleurling as minder geskik vir swaar fisiese werk beskou, is van mening dat die Bantoe meer geskik vir hierdie soort werk is. Die Kleurling word deur byna al die werkgewers as 'n goeie operateur en ambagsman beskou, en die meeste werkgewers is van mening dat die Kleurling in dié opsig heelwat beter as die Bantoe is.

FIGUUR 7.1

VERSKILLE TUSSEN BLANKE, KLEURLING- EN BANTOEWERKERS SOOS DEUR WERKGEWERS BEDORDEEL



Die Kleurling word oor die algemeen ook as 'n goeie toesighouer beskou en in die meeste ondernemings waar Kleurlinge in toesighouersposte aangestel is, word hulle deur die werkers aanvaar. Twee werkgewers was selfs van mening dat die Kleurling 'n beter toesighouer oor sy eie volksgenote as die Blanke is. Slegs drie werkgewers het aangetoon dat die Kleurling nie 'n goeie toesighouer is nie, en 'n gebrek aan die nodige agtergrond en mensekennis is as redes aangevoer.

Die afleiding wat dus gemaak kan word, is dat met die moontlike uitsondering van swaar fisiese werk, wat in elk geval vir sowat 50 persent van die werkgewers geen probleme skep nie, is daar geen spesifieke soort werk waarvoor die Kleurlingwerker nie geskik is nie. In hierdie verband is uit die aard van die saak slegs werk wat in die betrokke ondernemings wat besoek is, gedoen word, in aanmerking geneem.

Die werkgewers met wie onderhoude gevoer is, is ook versoek om die belangrikste probleme wat hulle met hulle Kleurlingwerkers ondervind, aan te toon. Veertien, dit wil sê die helfte, van die werkgewers ondervind geen probleme nie, terwyl 'n verskeidenheid van probleme deur die res van die werkgewers genoem is. Probleme wat genoem is, met die getal werkgewers wat dit genoem het in hakies daarna, is die volgende: Opdragte word nie uitgevoer nie (4); werkers beland in geldelike moeilikheid en die onderneming moet hulle daar uit help (3); voortdurende eise om hoër lone (2); negatiewe werkgesindheid (1); lae produktiwiteit (2); dronkenskap tydens werksyd (1) en probleme met skofwerk (1). Die verskeidenheid van voorgenoemde probleme dui daarop dat daar nie 'n algemeen geldende probleem wat eie aan die Kleurlingwerker is, uitgesonder kan word nie. Daar kan, intendeel, aanvaar word dat die genoemde probleme by enige volksgroep in enige ander werksituasie in 'n mindere of meerdere mate kan voorkom. Sommige van die werkgewers het dan ook aangetoon dat die meeste van voorgenoemde probleme ook by die Blankes en Bantoes voorkom. Die volgende probleme met Bantowerkers is genoem: Geldelike probleme (3 werkgewers); opdragte word nie uitgevoer nie (2); lae produktiwiteit (2) en gebrek aan inisiatief (1). In die geval van Blanke werkers is die volgende probleme genoem: Opdragte word nie uitgevoer nie (2); onbekwaamheid van ambagsmanne en vakleerlinge (2); lae produktiwiteit (1); geldelike moeilikheid (2) en swak gehalte toesighouers (1). As in aanmerking geneem word dat die Blanke en Bantoe personeel van die betrokke ondernemings relatief klein in vergelyking met die Kleurling personeel is (kyk par. 1.2.2), wil dit voorkom asof Kleurlingwerkers nie noemenswaardig meer probleme as die ander twee volksgroepe vir die werkgewers skep nie.



## HOOFSTUK 8

### SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

#### 8.1 INLEIDING

Navorsing deur die Instituut vir Mannekragnavorsing toon dat die skepping van genoeg werkgeleenthede vir veral die vinnig groeiende Kleurlingbevolking 'n aktuele probleem is, aangesien daar beraam is dat die aanbod van Kleurlingmans die vraag teen 1980 met ongeveer 18 persent sal oorskry. Ontwikkelings in die Saldanhagebied kan hierdie knelpunt aanmerklik verlig deur die skepping van werkgeleenthede vir relatief groot getalle Kleurlingmans. Om te bepaal of die Kleurlingwerkers van hierdie geleentheid gebruik sal maak en of die werkgewers in staat sal wees om 'n geskikte arbeidsmag te werf en op te lei, is ondersoek ingestel na die arbeidsituasie van die Kleurlingman en sy gesindheid teenoor werk in die algemeen en bepaalde soorte werk in die besonder. 'n Veldondersoek wat deur die Instituut vir Mannekragnavorsing in die Saldanhagebied onderneem is, het ook getoon dat sommige werkgewers bedenkinge oor die geskiktheid van die Kleurling as nywerheidswerker het. 'n Verdere doel van die ondersoek was dus ook om die gesindheid van werkgewers teenoor Kleurlingwerkers te bepaal.

Die ondersoek is in twee fases afgehandel. Gedurende die eerste fase is gegewens met behulp van 'n vraelys van 929 Kleurlingmans in die ouderdomsgroep 15 tot 64 jaar ingesamel. Die veldwerk is gedurende die tydperk 27 Januarie tot 7 Februarie 1975 onderneem. Die ondersoek is tot die Kleurlingwoongebiede in die Kaapse Skiereiland beperk. Om te verseker dat die Kleurlingbevolking in die betrokke gebied op sosio-ekonomiese grondslag in die ondersoek verteenwoordig is, is die soort huisvesting wat bewoon word by die trek van die steekproef in ag geneem. Aangesien die meeste groot Kleurlingwoongebiede, uit 'n behuisingsoogpunt gesien, nie veel van mekaar verskil nie, is die verskillende woongebiede nie op ewekansige wyse in die ondersoek betrek nie. Die meeste van die groot woongebiede is egter wel in 'n mindere of meerdere mate betrek. Die ondersoekgroep bestaan uit 764 persone wat ten tyde van die ondersoek 'n beroep beoefen het en 165 wat werkloos was. Daar is vooraf besluit om 'n groot genoeg groep werkloos vir ontledingsdoeleindes in die ondersoek te betrek en die persentasie werkloos moet dus nie as verteenwoordigend van die Kleurlingbevolking in die Kaapse Skiereiland beskou word nie. Wanneer die beroepsverdeling en ouderdomsver spreiding van die 764 werkendes in die ondersoekgroep met die ooreenstemmende gegewens van die Departement van Statistiek se bevolkingsensus vergelyk word, blyk dat die ondersoekgroep op

voorgenoemde twee aspekte voldoende verteenwoordigend van die totale manlike Kleurlingbevolking van die Kaapse Skiereiland is.

Gedurende die tweede fase van die ondersoek is 28 nywerhede in die Kaapse Skiereiland besoek, wat gesamentlik 1726 Blanke, 4678 Kleurling- en 2177 Bantoemans in diens het. Met behulp van 'n vraelys (Bylae B) is inligting oor die werkers se gesindheid teenoor werk, en hul geskiktheid as nywerheidswerkers, van die werkgewers verkry. Die werkgewers is ook versoek om hul werkers volgens 'n beoordelingskaal te beoordeel (Bylae C). Die betrokke ondernemings, wat hoofsaaklik vervaardigingsnywerhede in die metaalsektor is, is gedurende die tydperk 8-13 Junie 1975 besoek.

## 8.2 ALGEMENE BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEGROEP

Gegewens aangaande die huistaal, kerkverband en getal afhanklikes van die ondersoekgroep word as agtergrondinligting in tabelle 2.1 en 2.2 aangebied.

Van die 764 persone wat ten tyde van die ondersoek 'n beroep beoefen het, en na wie in die verslag as die werkendes verwys word, het 95,7 persent voltyds en 4,3 persent deelyds gewerk. Van die 165 werkloses het 13,3 persent nog nooit gewerk nie en 86,7 persent het wel voorheen gewerk. Die mediaanouderdom van die werkendes is 30 jaar en dié van die werkloses 23 jaar.

## 8.3 DIE WERKSITUASIE VAN DIE WERKENDES

Arbeiders (20,3%), ambagsmanne en vakleerlinge (19,5%) en operateurs en halfgeskoolde werkers (16,4%) is die drie grootste beroepsgroepe. Die grootste enkele groep werkendes (18,7%) is die drie grootste beroepsgroepe. Die grootste enkele groep werkendes (28,7%) is in die vervaardigingsektor (fabriekswese) werksaam, en die tweede grootste enkele groep (22,6%) is in die gemeenskap- en persoonlike dienstesektor werksaam. Die verspreiding van die werkendes oor 'n verskeidenheid van beroepe en nywerheidsektore dui daarop dat die Kleurling as werker bevoeg is om in 'n wye verskeidenheid van aktiwiteite diens te doen. Die salarisse van die verskillende beroepsgroepe is oor die algemeen in ooreenstemming met die kwalifikasiepeil van die persone en die aard van die werk wat deur hulle gedoen word.

Die mediaansalaris van die voormanne en toesighouers (R287 per maand) is die hoogste van al die beroepsgroepe. Die voormanne en toesighouers is egter as groep aanmerklik ouer as die werkers in ander beroepsgroepe (mediaanouderdom is 41 jaar);

18,8 persent het matriek geslaag, en 37,5 persent beskik oor naskoolse kwalifikasies. Alhoewel die beoefenaars van professionele, semi-professionele en tegniese beroepe relatief jonk is (mediaanouderdom is 28 jaar), verdien hulle as groep die tweede hoogste salaris (mediaan is R271 per maand) wat waarskynlik toegeskryf kan word aan die feit dat 75 persent matriek geslaag het en meer as die helfte oor naskoolse kwalifikasies beskik. Die arbeiders is die beroepsgroep wat die laagste besoldig word (mediaansalaris is R94 per maand) maar is ook die groep wat die laagste geskoold is. Die werkendes as groep is relatief hoog geskoold. Sowat 62 persent het een of ander vorm van hoërskoolopleiding gehad. Die 95 werkendes wat naskoolse kwalifikasies behaal het, beskik gesamentlik oor 101 kwalifikasies. Sowat 32 persent van die naskoolse kwalifikasies is tegniese sertiifikate, sowat 22 persent is onderwysersdiplomas, sowat 16 persent is ambagsertiifikate in die boubedryf en sowat 13 persent is universiteitsgrade.

Daar is 'n duidelike verband tussen kwalifikasiepeil behaal en die gehalte van die werkers. Die hoër geskoolde werkers beoefen nie alleen meer gevorderde beroepe nie, maar verwissel ook minder dikwels van werk en is in 'n mindere mate van werk afwesig as die laer geskoolde werkers. Dit blyk dat die arbeidsomset by die nie-gesertifiseerde ambagsmanne en by die arbeiders die hoogste was. By die beroepe waaraan daar 'n hoër salaris verbonde is en waarvan die bekleërs meer geskoold is, was die arbeidsomset relatief laag. Slegs drie van die 28 werkgewers het aangedui dat hul arbeidsomset laag is, terwyl die res hul omset as hoog beskou. Uit die onderhoude met die werkgewers word die afleiding gemaak dat die omset van arbeiders hoog is, terwyl dit in die geval van die meer geskoolde werkers heelwat laer is. Volgens die werkgewers is hoër lone wat ander werkgewers aanbied die belangrikste rede waarom werkers dikwels van werk verander.

Van die 764 werkendes het 27,1 persent aangedui dat hulle 'n ander werk soek. Dit is veral die beoefenaars van laer geskoolde en laerbesoldigde beroepe wat ander werk soek. Besoldiging speel blykbaar die belangrikste rol in dié verband, aangesien meer as die helfte van die persone aangedui het dat hulle 'n hoër salaris verlang en daarom 'n ander werk soek.

Uit die kumulatiewe afwesigheidsyfers van die werkendes blyk dat 9,3 persent gedurende November 1974 een of meer dae sonder betaling afwesig was. Byna vyf persent was vir 'n week of langer en drie persent was vir 20 dae en meer afwesig. By die besturende, uitvoerende en administratiewe werkers en die voormanne en toesighouders het geen afwesigheid gedurende die betrokke maand

voorgekom nie. Negentien van die 28 werkgewers beskou afwesigheid as 'n probleem in hul ondernemings. Die algemene tendens is dat afwesigheid die meeste by arbeiders voorkom, dat dit veral op Maandae voorkom, en dat afwesigheid gedurende die wintermaande hoër as in die res van die jaar is. Siekte, gesinsprobleme, private besigheid en vervoerprobleme is meesal die verskonings vir afwesigheid. Oormatige drankgebruik en geweld gedurende naweke word egter deur agt werkgewers as die belangrikste oorsake vir afwesigheid, veral op Maandae, beskou.

Werkgewers kan nie daarop staat maak om 'n stabiele arbeidsmag op te bou as hul werkers voortdurend met vervoerprobleme te kampe het nie. Vervoerprobleme, lang afstande wat werkers na en van hulle werk moet aflê en hoë vervoerkoste kan aanleiding gee tot arbeidsomset en afwesigheid van werk. Die helfte van die werkendes woon agt kilometer en verder van hul werk af en vir byna die helfte van hulle neem dit 30 minute en langer om by die werk te kom. Die mediaanreiskoste van diegene wat vir hul vervoer moet betaal, is R7 per maand.

Met die tekort aan huisvesting vir die Kleurlingbevolking in die Kaapse Skiereiland, sal werkgewers wat huisvesting verskaf uit die aard van die saak makliker daarin slaag om nie alleen werkers te bekom nie maar ook om werkers te behou. Ook die gehalte van huisvesting speel 'n belangrike rol in hierdie verband. Dit blyk dat daar uit elke beroepsgroep, en selfs uit die hoër geskoolde en besoldigde beroepsgroepe, 'n aantal persone is wat in sink-en-palehuise woon. Oor die algemeen is die beoefenaars van laer geskoolde en laer besoldigde beroepe egter in 'n groter mate op die swakker gehalte huisvesting, te wete sub-ekonomiese huise en woonstelle en sink-en-palehuise, aangewese as diegene in die hoër besoldigde en geskoolde beroepsgroepe.

#### 8.4 WERKGESKIEDENIS VAN DIE WERKLOSES

Van die 165 werkloos het 89,7 persent aangedui dat hulle werk soek. Sodat 'n derde van hierdie werksoekers was ten tyde van die ondersoek minder as 'n maand werkloos en 13 persent was reeds ses maande en langer werkloos. Die belangrikste redes wat aangevoer is waarom hulle nog nie werk gekry het nie, is te min werkgeleenthede (19,6%); hulle het nog nie daadwerklik gesoek nie (16,9%); was net nie suksesvol nie (14,9%), en onvoldoende kwalifikasies, opleiding of ervaring (12,2%). Uit die onderhoude met die werkgewers het geblyk dat die getal vakatures wat bestaan nie alleen beperk is nie, maar dat relatief hoë vereistes aan die kandidate gestel word.

Die werksoekers verlang hoofsaaklik werk as ambagsmanne en vakleerlinge (20,9%), arbeiders (16,2%) of nie-gesertifiseerde ambagsmanne (12,2%). Sowat 19 persent verlang enige soort werk. Met die uitsondering van diene wat professionele, semi-professionele, tegniese en klerklike werk en werk as arbeiders soek, is die salarisse wat die werksoekers verlang hoër as dié wat die werkendes in die ooreenstemmende beroepe ontvang. Die werkloos se verwagtings in dié verband is waarskynlik ietwat onrealisties, veral as in ag geneem word dat hulle heelwat jonger as die werkendes is, en geen of baie min werkervaring het. Ook wat skoolopleiding en naskoolse kwalifikasies betref, is die werkloos swakker daaraan toe as die werkendes.

Byna 'n kwart van die werkloos kon reeds 'n werk kry, hoofsaaklik as arbeiders, maar het dit van die hand gewys. Sowat 60 persent het onbevredigende salaris as rede verstrekkend waarom hulle nie die werk aangeneem het nie. Die salarisse wat aan hierdie persone aangebied is, is oor die algemeen laer as wat die werkendes in die ooreenstemmende beroepe ontvang. Dit blyk ook dat die salarisse wat die werkloos in hul laaste voltydse beroep ontvang het, laer is as wat die werkendes in ooreenstemmende beroepe ontvang. Die afleiding word dus bevestig dat die werksoekers se verwagte salarisse onrealisties hoog is. Nogtans was ontevredeheid met besoldiging die belangrikste rede waarom die werkloos hul vorige werk verlaat het. Sowat twintig persent se diens is beëindig weens besnoeiing van personeel of die sluiting van die ondernemings.

Uit die getal werkgewers wat die werkloos gehad het gedurende die 2-jaartydperk wat die ondersoek voorafgegaan het, blyk dat die werkloos gedurende die betrokke tydperk meer dikwels van werk verander het as die werkendes, en dus 'n minder stabiele arbeidsmag is.

Slegs 23 persent van die werkloos is as sodanig by 'n arbeidsburo geregistreer en slegs sewe persone ontvang 'n werkloosheidsstoelaag.

Alhoewel die verskille nie besonder groot is nie, wil dit tog voorkom of die werkloos, wat behuising betref, swakker as die werkendes daaraan toe is.

#### 8.5 BEREIDWILLIGHEID VAN DIE ONDERSOEGGROEP OM VAN WERK EN WOONPLEK TE VERANDER

Net meer as die helfte van die ondersoekgroep (insluitende die werkendes en werkloos) is bereid om van werk te verander om werk te aanvaar as dit sou beteken dat hulle ook van woonplek

moet verander. Dit is hoofsaaklik die werkloses (78,8%), arbeiders (58,1%), nie-gesertifiseerde ambagsmanne (54,5%) en ambagsmanne en vakleerlinge (51%) by wie die grootste mate van bereidwilligheid om te verander, voorkom. Dit is ook veral die bewoners van die swakker gehalte behuising wat bereid is om 'n verandering te oorweeg. Uit die voorwaardes wat gestel is deur diegene wat bereid is om 'n verandering te oorweeg, blyk dat die diensvoorwaardes, insluitende salaris, vir die werkers aanneemlik moet wees en dat voldoende en geskikte behuising voorsien moet word.

Net meer as twee-derdes (67,8%) van die ondersoekgroep is bereid om onder sekere voorwaardes in Saldanha te gaan werk. Met die uitsondering van verkoops- en verwante werkers is die meeste persone in al die beroepsgroepe daartoe bereid. Die grootste mate van bereidwilligheid kom by die werkloses voor (83%). Die voorwaardes wat gestel is deur diegene wat bereid is om in Saldanha te gaan werk, handel hoofsaaklik, in volgorde van belangrikheid, oor salaris, huisvesting en die werksituasie. Die voorsiening van gemeenskapsdienste, en in 'n mindere mate die verskaffing van vervoer, is ook as voorwaardes gestel.

Toekomstige werkgewers te Saldanha kan dus daarop reken dat hulle wel in staat sal wees om werkers in die Kaapse Skiereiland te werf mits hulle aan die voorgenoemde voorwaardes wat deur die werkers gestel is, kan voldoen.

## 8.6 WERKGESINDHEID VAN DIE ONDERSOEGROEP

### 8.6.1 Algemene werkgesindheid

Die algemene werkgesindheid van die ondersoekgroep is getoets aan die hand van tien positiewe en agt negatiewe stellings oor werk in die algemeen. Dit blyk dat 83,8 persent van die ondersoekgroep in 'n mindere of meerdere mate positief teenoor werk ingestel is. Dit beteken nogtans dat 16,2 persent van die ondersoekgroep meer negatief as positief teenoor werk ingestel is. Dit blyk verder dat diegene wat hoërskoolopleiding gehad het, oor die algemeen 'n groter mate van positiewe werking gesteldheid toon as dié wat slegs laerskoolopleiding of geen skoolopleiding gehad het nie. Die beoefenaars van die hoër geskoolde en besoldigde beroepe is ook meer positief teenoor werk ingestel as diegene in die laer geskoolde en besoldigde beroepe.

### 8.6.2 Gesindheid teenoor bepaalde soorte werk

Die ondersoekgroep is in hoër mate eenstemmig dat 'n werk met 'n goeie salaris, sekuriteit, goeie vorderingseleenthede, en 'n werk waar mens die kans kry om nuwe dinge te leer, belang=

rik is wanneer 'n werk gekies word. Die beoefenaars van die laer geskoolde en besoldigde beroepsgroepe het salaris as die belangrikste aspek uitgesonder, terwyl diegene in die hoër geskoolde en besoldigde beroepe meer waarde heg aan 'n werk met sekuriteit en 'n werk wat goeie vorderingsgeleenthede bied as aan salaris, waarskynlik omdat hulle reeds 'n bevredigende salaris ontvang.

Sowat 16 persent van die werkendes werk skofte en 60 persent van die ondêrsoekgroep het nog nooit skofte gewerk nie. Meer as 'n driekwart van diegene wat skofte werk, hou daarvan en sowat 55 persent van dié wat nie skofte werk nie is daartoe bereid. Finansiële oorwegings is die belangrikste rede waarom werkers van skofwerk hou of bereid is om dit te doen. Die inbreuk wat skofwerk op huislike, sosiale en sportaktiwiteite maak en die mening dat dit vermoeiend en ongerieflik is, is die belangrikste redes waarom persone nie van skofwerk hou nie of nie bereid is om dit te doen nie. Oor die algemeen het die ondernemings waar skofwerk gedoen word nie probleme om genoeg werkers te kry wat bereid is om skofte te werk nie. Ontoereikende vervoergeriewe en die veiligheid van skofwerkers is die belangrikste probleme wat ondervind word.

Sowat 41 persent van die werkendes werk Saterdag, en sowat 70 persent van hulle het aangedui dat hulle daarvan hou hoofsaaklik weens die finansiële voordele wat dit inhou. Sowat driekwart van diegene wat nie Saterdag werk nie is daartoe bereid, en die belangrikste voorwaarde wat gestel is, is dat hulle 'n hoër loon moet ontvang. Die meeste persone wat nie daarvan hou om Saterdag te werk nie of nie daartoe bereid is nie, het as redes aangevoer dat hulle naweke vry wil wees vir huislike, sosiale en sportaktiwiteite. Sommige werkers van 20 van die 28 ondernemings wat besoek is, werk Saterdag. Die meeste werkgevers het aangedui dat hul werkers oor die algemeen bereid is om Saterdag te werk, en vervoer vir die werkers is die enigste noemenswaardige probleem wat ondervind word.

